# COMMUNIKÉ


FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE



Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Universiteit van Pretoria

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# OP DIE DRUMPEL VAN 'N DINAMIESE TOEKOMS



Die hoofingang van die nuwe gebou van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Oor die afgelope 70 jaar het hierdie Fakulteit die deur na sukses vir duisende studente geopen. 'n Indrukwekkende lys van oudstudente wat die hoogste sport bereik het, getuig van 'n tradisie van uitnemendheid.

Studente word steeds voorberei vir 'n dinamiese toekoms deur bekwame personeel wat hul onderrig en navorsingstaak met toewyding uitvoer.

**Skakel prof S Marx, dekaan, vir meer besonderhede aangaande studierigtings by tel (012) 420-2425**

Die Fakulteit is die drumpel na sukses.

*Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*
Universiteit van Pretoria

Fearika Heyns Grafies

Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# COMMUNIKÉ

JAARGANG 4 NOVEMBER 1991 ISSN 1013 - 168X




Die 1991 — uitgawe van ***Communiké*** word opgedra aan **prof Koos Stadler**, voormalige Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.


**SKAKELBLAD**
***Communiké*** word saamgestel deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002.
Hierdie skakelblad van die Fakulteit verskyn een keer per jaar. Met die nodige erkenning mag enige deel van die inhoud van ***Communiké*** elders aangehaal word. Rig navrae aan die redakteur: ***Communiké*** by bogenoemde adres of telefoonnommer (012) 420-3328.

**REDAKTEUR**
Mev Adri van der Merwe

**REDAKSIONELE KOMITEE**
Mnr Neels van Heerden (Bedryfsekonomie), prof Thinus de Wet (Bestuurswese), mev Sansia Brink (Ekonomie), mej Melanie Greef (Handels- en Arbeidsreg), mnr Helmke von Bach (Landbou-ekonomie), mnr Willem Cilliers (Leerstoel in Logistiek), dr Hein Brand (Personeelbestuur), dr Petrus Brynard (Publieke Administrasie), mev Annemarie Prinsloo (Informatika), mej Magdaleen Heyns (Rekening- en Ouditkunde), mnr Roland Henwood (Staatsleer en Internasionale Politiek), mnr André Swanepoel (Statistiek), mev Doret van der Westhuizen (Sekretaresse).
Die volgende persone van die Buro vir Openbare Betrekkinge word bedank vir hulle hulp: mej Petrea Thomas (Taalversorging), mnr Jan Victor en mej Alba Langley (Fotografie).

**ONTWERP**
Ink Studios, Pretoria.

**REPRODUKSIE**
Future Graphics, Pretoria.

**GEDRUK DEUR**
Craft Press, Babelegi.


Universiteit van Pretoria

## INHOUD


**Oorsig**
Vanuit die Dekaanskantoor 2
Eerbewys aan prof Koos Stadler 3

**Aktueel**
Moenie BTW sonder meer verwerp nie — kenner 4
Inflasie — chroniese ekonomiese las 5
Mediese wysiging kan wyd tref 6
Die toenemende belangrikheid van logistiek in Suid-Afrika 7

**Fakulteitsnuus**
Fakulteit aanvaar die uitdaging 8
Sleutelposisies vir UP-personeel 9
Bemarkingsbestuuropleiding is mondig 10

**Onderrig**
'n Model vir suksesvolle bestuur 11
Onderrigbenadering bring groter verantwoordelikheid 12
Tukkies presteer in KE-eksamen 13
Landbou-ekonomie sluit nuwe deure oop 14
Leersentrum gee beslag aan onderrigfilosofie 15
Opleiding in rekeningkundige dissiplines uitgebrei 16

**Internasionaal**
Finansiële kundiges eerste keer betrek 17
Kontak met internasionale logistieke arena 18
Aktiewe betrokkenheid werp vrugte af 19
Professor ondersoek maatskappydokter 20
Privatisering: 'n hedendaagse tendens 21

**Gemeenskapsdiens**
Bestuursopleiding hou tred met behoeftes 22
Bevordering van tegnologiese innovasie 23

**Oudstudente**
Oud-Tukkie verteenwoordig SA in Moskou 24
Herdenk 'n besonderse jaar met dié reklame-items 24
Hulde aan prof FR Tomlinson 25
Wen is nie alles nie . . . 26

**Navorsing**
Inligtingstegnologie: Die redding van die SA Ekonomie? 27
Ondersoek onderstreep kundigheid 28
BFA op kommersiële mark gerig 29
Totale benadering tot kliëntetevredenheid 30
Nuwe model vir die beraming van Vigs 31

**Personeel**
Senior aanstellings 32
Hoogleraar kry hoë pos 33
Produktiwiteit is sy leuse 34

**Publikasies** 35

**Studente**
Sakesektor beloon topstudente 36
His friends call him Joseph 37
A view of Tuks - by a postgraduate student from Ghana 38
Praktiese uitdaging vir eerstejaars 39
Omgewingsbehoeftes ondersoek 40
Oudstudente: Adresvorm 40




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010




*Prof Sieg Marx is reeds tuis in sy nuwe betrekking as Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*

# Vanuit die Dekaanskantoor

Vir die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is 1991 beslis 'n hoogtepuntjaar.

Op 1 Julie 1991 het 'n besondere eer die Fakulteit te beurt geval toe prof Koos Stadler - in daardie stadium Dekaan van die Fakulteit - as Viserektor: Akademies (Geesteswetenskappe) van UP aangestel is.

As nuwe Dekaan wil ek prof Stadler graag gelukwens met hierdie prestasie. Ons is baie dankbaar vir die onbaatsugtige diens gelewer en uitnemende mylpale wat onder sy leiding en medewerking tot stand gekom het. Die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise, die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-gebou, *Communiké*, die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*, inligtingsdae, studiehandleidings en rasionalisasie in die Fakulteit is onlosmaaklik verbind aan die naam Koos Stadler en daarom is dit vir die Fakulteit 'n voorreg om vanjaar se uitgawe van *Communiké* aan prof Stadler op te dra.

Op 8 Maart 1991 is die gebou vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe deur die Staatspresident, mnr F W de Klerk geopen - 'n dag van groot historiese betekenis omdat hierdie Fakulteit, wat terugdateer na 1920, vir die eerste keer bevredigend gehuisves is.

Die Fakulteit was ten nouste betrokke by die RGN-ondersoek na die bemarking van varsprodukte in die Republiek van Suid-Afrika, wat gedurende April 1991 afgehandel is.

Die aanbevelings voortvloeiend uit hierdie ondersoek behoort 'n verreikende en gunstige invloed op die varsproduktebedryf in die RSA te hê. Sowat 16 vakwetenskaplikes uit ses departemente van die Fakulteit het aan die navorsingsprojek deelgeneem. Op 'n praktiese wyse is beslag gegee aan die vennootskap tussen die Fakulteit, die openbare en privaat sektor en navorsingsinstellings.

Aan die einde van vanjaar word die eerste BCom-grade toegeken aan studente by die Sentrum vir Na-uurse Onderrig in Witbank. Hierdie gebeurtenis is 'n besondere hoogtepunt omdat die Fakulteit gedurende 1987 betrokke was by die ondersoek na die vestiging van 'n Sentrum vir Na-uurse Onderrig in Oos-Transvaal.

Vanaf 1992 word 'n Sentrum vir Ekonomiese Politiek en Analise by die Departement Ekonomie in die lewe geroep. Dié Sentrum gaan gespesialiseerde nagraadse opleiding in ekonomiese politiek en toegepaste ekonomie in Engels aanbied, met die klem op die ontwikkelingsproblematiek in Suid- en Suider-Afrika. Die Sentrum sal gespesialiseerde opleiding in dié rigting vir studente uit Afrika en die buiteland toeganklik maak.

Vier nuwe BCom-grade, naamlik BCom(Interne Ouditkunde), BCom (Finansiële Bestuur), BCom (Statistiek) en BCom(Hotel- en Toerismebestuur) is gedurende 1991 in die Fakulteit ingestel. Dit bring mee dat die Fakulteit tans BCom- en BAdmin-grade in 17 verskillende rigtings aanbied. Hierdie rigtings omvat 'n besonder wye terrein wat wissel van Personeelbestuur tot Versekeringswese.

Voorgaande is maar enkele van die talle hoogtepunte wat gedurende 1991 in die Fakulteit bereik is en wat saam met ander verder in *Communiké* 1991 toegelig word.

Kyk 'n mens na die toekoms, lê daar moontlik verdere geleenthede en hoogtepunte vir die Fakulteit voor, veral in groter en doelgerigte skakeling met internasionale vakwetenskaplikes; onderrig- en navorsingsvennootskappe met die openbare en privaat sektor en ander navorsingsinstellings; die verdere ontwikkeling van Fakulteitspersoneel; 'n sterker uitbouing van studentgerigte onderrig en groter klem op nagraadse opleiding.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Eerbewys aan prof Koos Stadler



Koos Stadler is 'n besondere mens. Sy baanbrekerswerk in Ekonomie en sy leidende rol as Dekaan het diep spore gelaat. Die Fakulteit eer hom daarvoor en dra vanjaar se uitgawe van *Communiké* aan hom op.

Koos Stadler is op 1 Junie 1932 in Kenhardt gebore en hy groei op in hierdie wêreld aan die oewer van die Groot Oranje. In 1950 matrikuleer hy aan die Hoërskool Keimoes. Hierna vertrek hy na die Universiteit van Stellenbosch waar hy die grade BCom in 1953 en MCom in 1956 behaal. Aan die begin van 1957 verhuis hy na Pretoria, waar hy in die Departement Landbou-ekonomie en Bemarking diens aanvaar. In 1959 trou hy met Andri Hattingh en 'n seun en 'n dogter word uit die huwelik gebore. Hy skryf in vir 'n DCom-graad aan die Universiteit van Pretoria en behaal dit in 1962.

Dit is die begin van twee groot en belangrike strominge in sy lewe. Die eerste is sy leiersrol op die gebied van die Nasionale Rekeninge en die tweede is sy transformasie tot 'n entoesiastiese, lojale Tukkie.

## As Ekonoom

Sy doktorstesis handel oor die berekening van die Bruto Binnelandse Produk van Suid-Afrika vanaf 1911 tot 1959.

Jong ekonome aanvaar vandag die bestaan en beskikbaarheid van syfers oor die BBP, die BBB, besteebare inkome, voorraadinvestering en so meer as vanselfsprekend. Dit is egter slegs moontlik gemaak deur die baanbrekerswerk van mense soos Koos Stadler, sy tydgenote en sy talle studente wat een aspek na die ander van die nasionale rekeninge vasgepen, bemeester en blootgelê het.

Gedurende 1971 word Koos Stadler dan ook deur die Internasionale Monetêre Fonds as Direkteur van Navorsing en Statistiek na die Reserwebank van Malawi gesekondeer. In die laat tagtigerjare word hy Voorsitter van die Statistiekeraad in Suid-Afrika. Talle boeke en ander publikasies oor die nasionale rekeninge en die ekonomiese beskrywing in die algemeen het uit sy pen verskyn.

Een hiervan, *Die Ekonomiese Stelsel van Suid-Afrika*, wat hy saam met Prof Jan Lombard geskryf het, het al tot 'n klassieke ekonomiese werk in Suid-Afrika ontwikkel. In 1989 het die Federasie van Rapportryerskorpse hulle dan ook vir die skryf van hierdie boek vereer met hul jaarlikse toekenning vir 'n besondere vakkundige werk in Afrikaans.

Koos Stadler het ook 'n besondere bydrae gelewer om die ekonomiese politiek as vakrigting aan UP te vestig en uit te bou. Hy is medestigter van die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise om navorsing in hierdie verband te doen, en was dan ook Direkteur hiervan vanaf die stigting in 1972 tot hy in 1986 Dekaan word.

Die geordende inligting wat uit sy navorsingswerk oor die nasionale rekeninge na vore gebring is, het nou besonder waardevol geblyk te wees in sy navorsing oor die ekonomiese politiek en toegepaste ekonomie in die algemeen. Hy neem ook deel aan en lei dikwels talle projekte oor die ekonomiese politiek en die toegepaste ekonomie. As erkenning vir sy bydrae het hy talle vakkundige toekennings ontvang en sy vakkundige kennis is deeglik benut deur die vele amptelike komitees waarop hy gedien het.

## As Dekaan

Sy loopbaan aan die Universiteit van Pretoria het in 1959 begin toe hy as Lektor in die Departement Ekonomie aangestel is. In 1961 is hy bevorder tot Senior Lektor en in 1966 tot Professor. In 1986 word hy aangestel as Hoof van die Departement Ekonomie aan UP, toe die vorige hoof, saam met wie hy die Departement oor drie dekades uitgebou het, aftree. Kort daarna word hy egter verkies tot voltydse Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe, wat hy laat herdoop tot Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Sy taak as Dekaan pak hy met dieselfde entoesiasme en toegewydheid aan as waarmee hy voorheen sy navorsing gedoen het.

Gedurende sy vyf jaar as Dekaan het hy baie dinge vermag en tot stand gebring. Die nuwe gebou in die Fakulteit is een daarvan. Die in- en opskerping van die Fakulteit se administrasie is 'n ander. Prof Stadler se kollegas sal hom egter by uitstek onthou vir die styl van deelnemende bestuur wat hy gevestig het en die rustige, gemoedelike, dog beslissende en effektiewe wyse waarop hy sy taak uitgevoer het. Dit sal sy monument wees.

Sy insig en oordeel was vir almal in die Fakulteit baie werd. By sy kollegas in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is daar geen twyfel nie dat die eienskappe wat van hom 'n geëerde en geliefde Dekaan gemaak het, van hom 'n ewe suksesvolle Viserektor sal maak.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Moenie BTW sonder meer verwerp nie - kenner

"Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) gaan Jan Alleman aanvanklik meer uit die sak jaag wanneer dit Algemene Verkoopsbelasting (AVB) op 30 September 1991 vervang. Voordat 'n mens egter op grond daarvan die nuwe stelsel summier verwerp, is dit nodig om objektief na die hele aangeleentheid te kyk."

— Prof Willem Buys, MCom(Belasting)-dosent verbonde aan die Skool vir Rekenmeestersopleiding, Universiteit van Pretoria.



*"Belasting op Toegevoegde Waarde sal oor die langtermyn groter staatsinkomste verseker en tot laer en meer realistiese koerse van persoonlike inkomstebelasting lei," sê prof Willem Buys, MCom(Belasting)-dosent*

Die vraag kan wel gevra word of dit werklik nodig is om AVB met 'n duurder stelsel vir die verbruiker te vervang. Die antwoord is eenvoudig: die AVB-stelsel funksioneer nie na wense nie en moet dus met 'n effektiewer stelsel vervang word.

Velerlei faktore het bygedra tot die oneffektiwiteit van die AVB-stelsel, maar die vernaamste word kortliks aangestip:

Die aanvanklike oogmerk met die instelling van verkoopsbelasting was om belasting teen 'n lae koers op 'n wye reeks transaksies te hef. Druk van belangegroepe het egter talle uitsonderings tot gevolg gehad en 'n groot aantal transaksies is van AVB vrygestel. Dit het die belastingbasis sodanig verklein dat AVB-koerse drasties verhoog moes word om owerheidsinkomste op dieselfde peil te hou. Die term algemene verkoopsbelasting was dus misleidend en nie 'n weerspieëling van die werklike toedrag van sake nie.

Die vrystellings het direk daartoe aanleiding gegee dat die AVB-stelsel onnodig gekompliseerd geraak het. Verskillende reëls het vir verskillende bedrywe gegeld. 'n Item wat in een bedryfstak vrygestel was van AVB, is in 'n ander belas en omgekeerd.

Misbruik van AVB-vrystellingsertifikate het gesorg dat heelwat transaksies wat aan belasting onderhewig moes wees, AVB vrygespring het. Boonop kon oortreders baie moeilik vasgepen word. Aangesien AVB 'n tipe belasting is wat gerig is op die eindverbruiker, het die owerheid ook al die belasting verloor wanneer 'n ondernemer in gebreke gebly het om die belasting oor te betaal.

Die oorskakeling na 'n BTW-stelsel moet teen hierdie agtergrond beskou word.

BTW is 'n stelsel vir die heffing en invordering van indirekte belasting wat wêreldwyd in meer as veertig lande gebruik word en baie gebreke in die AVB-stelsel uitskakel. In dié opsig is Suid-Afrika in die gelukkige posisie om uit die praktiese ervaring van ander lande te put en tekortkominge in buitelandse wetgewing van meet af aan te vermy.

BTW-wetgewing span die belastingnet baie wyd om 'n wye reeks goedere en dienste te tref. Dit is verblydend dat daar slegs vir enkele vrystellings voorsiening gemaak word, wat nie net tot gevolg sal hê dat die belastingbasis verbreed word nie, maar ook dat dit aansienlik uitgebrei word.

Ondernemings word kragtens BTW-wetgewing verplig om behoorlike rekeningkundige rekords en dokumentasie by te hou ten einde transaksies vir 'n tydperk van vyf jaar na afhandeling daarvan te rugsteun. Nie net sal dit tot 'n meer geordende stelsel lei nie, maar inspeksies deur die Departement van Binnelandse Inkomste sal sodoende vergemaklik word.

In vergelyking met die AVB-stelsel hou BTW verskeie voordele in. Dit is 'n eenvoudiger stelsel deurdat daar nie onderskei word tussen verskillende bedryfstakke wat elkeen deur sy eie reëls beheer word nie. Ondernemings in verskillende bedryfstakke word almal oor dieselfde kam geskeer. Oortreders sal baie makliker opgespoor en aan die kaak gestel kan word.

Aangesien geen vrystellingsertifikate onder die BTW-stelsel uitgereik word nie, sal transaksies nie die BTW-net kan ontsnap nie. Dit sal aanleiding gee tot effektiewer invordering van belasting.

In teenstelling met AVB, wat slegs op die "eindverbruiker" gehef is, word BTW gehef tydens elke stadium van die produksie- en verkoopsiklus. Alhoewel dit 'n groter administratiewe las op die sakesektor plaas, hou dit dié voordeel in dat indien BTW in enige stadium van die siklus nie betaal word nie, die owerheid slegs daardie gedeelte van die belasting wat gehef is, sal verloor. By versuim om onder die AVB-stelsel te betaal, het die owerheid die totale bedrag wat as belasting gehef is, verbeur.

'n Sakeondernemer wat onder die AVB-stelsel 'n vrystellingsertifikaat gehad het, se aankope was AVB-vry. Kragtens die nuwe belastingstelsel moet BTW nou op alle aankope betaal word. As die ondernemer egter in besit is van 'n belastingfaktuur, kan dit teruggeëis word van die



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

owerheid of afgetrek word van die BTW wat gevorder is en aan die owerheid betaal moet word. Die pryse van goedere behoort nie te styg nie. As in aanmerking geneem word dat BTW op kapitaalgoedere ook as insetbelastingkrediet deur 'n ondernemer geëis kan word, behoort produkpryse van vervaardigde goedere oor die langtermyn eerder te daal. Onder die AVB-stelsel was so 'n toegewing nie moontlik nie. Sodoende word die vermenigvuldigingseffek van belasting-op-belasting, soos onder die AVB-stelsel, ook uitgeskakel.

Enkele nadele verbonde aan die BTW-stelsel kan aangestip word. Die aantal invorderingspunte vermeerder en plaas dus 'n groter las op Binnelandse Inkomste. Ten einde aan die vereistes van BTW-wetgewing te voldoen, sal ondernemers 'n groter nakomingslas hê met betrekking tot rekordhouding vir aankope en verkope. Oorbruggingsfinansiering op die BTW van aankope sal ook vir kort tydperke gereël moet word.

Indien BTW egter teen AVB opgeweeg word, is dit duidelik dat BTW 'n beter en meer betroubare stelsel is wat nie net oor die langtermyn groter staatsinkomste sal verseker nie, maar tot laer en meer realistiese koerse van persoonlike inkomstebelasting behoort te lei.

Laer belastingkoerse is egter slegs bereikbaar indien owerheidsbesteding binne perke gehou word en die BTW-basis nie verwring word deur talle vrystellings nie. Te veel vrystellings sal maar weer die belastingbasis verklein, tot hoër koerse lei en die oorskakeling van AVB na BTW duur en nutteloos maak.

# Inflasie - chroniese ekonomiese las

Die volgehoue prysstyging soos gemeet deur die verandering in die verbruikersprysindeks, het al amper deel geword van elke Suid-Afrikaner se daaglikse lewe. Die verbruiker is nie meer geskok oor die maandelikse afname in die waarde van sy inkomste nie - hy verwag dit eintlik en is verras as sy salaristjek verder rek as wat hy gedink het.

Ten spyte van toegewyde pogings van dr Chris Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, daal die inflasiesyfer nie noemenswaardig nie. Die rede is dat verskeie van die oorsake van inflasie nie deur die monetêre owerhede beheer kan word nie.

Looneise van die georganiseerde vakbondwese wat nie met produktiwiteitsverbetering verband hou nie, is 'n voorbeeld hiervan. Die hoë invoerpariteitspeil as gevolg van 'n ekonomiese beleid wat gemik is op die beskerming van die betalingsbalans, is nog 'n voorbeeld van 'n oorsaak van inflasie wat die monetêre owerhede nie maklik kan beheer nie. Die herstel van die invoerpariteitspeil na 'n aanvaarbare vlak behels egter 'n omvattende en langtermyn ekonomiese herstrukturering. Inflasie word dikwels van die buiteland "ingevoer" en kan soos meeste eksterne skokke nie sommer deur monetêre beleidsformuleerders bekamp word nie.

Die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise (BEPA) is die navorsingsarm van die Departement Ekonomie. Die meeste studies wat deur BEPA gedoen word, spreek dié tergende inflasievraagstuk aan.

Prof Geert de Wet, Hoof van die Departement, is 'n kundige op die gebied van monetêre ekonomie en inflasie. Hy het reeds publikasies oor dié onderwerp die lig laat sien en word gereeld genader om onder meer tydens programme en radiopraatjies die publiek in te lig oor inflasie en hulle raad te gee oor hoe om hul rande te rek.




*Inflasie is een van vele ekonomiese vraagstukke wat deur die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise, navorsingsarm van die Departement Ekonomie, aangespreek word*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Mediese wysiging kan wyd tref

Mediese skemas kan voortaan meer soos versekering bedryf word, kragtens 'n wetsontwerp tot Wysiging van die Wet op Mediese Skemas (Wet 72 van 1967) wat in Junie vanjaar gepubliseer is. Volgens prof George Marx, Bekleër van die Leerstoel in Versekeringswese en Aktuariële Wetenskap, kan dié wysiging verreikende gevolge vir die bedryf inhou.

Meer en meer versekeringsmaatskappye het in die afgelope tyd met polisse vorendag gekom om mediese en verwante onkoste te help betaal. Die publiek word dus gekonfronteer met 'n keuse tussen die voordele wat mediese skemas bied, of mediese versekering of 'n kombinasie van die twee. Vanweë die uiteenlopende aard van hierdie alternatiewe is dit 'n moeilike keuse.

Mediese versekering is ontwikkel rondom die beperkings van die Wet op Mediese Skemas. Noudat hierdie Wet radikaal gewysig kan word, is prof Marx van mening dat versekeringspolisse herontwerp behoort te word, en hy beveel aan dat die publiek liewer nie nou mediese versekeringspolisse moet koop nie.

In 'n sekere sin kompeteer die mediese skemas en die mediese versekeringspolisse met mekaar, 'n mededinging wat nie noodwendig gewens is nie, omdat hulle primêr dieselfde oogmerke nastreef. Prof Marx bepleit 'n enkele wet wat mediese skemas en mediese versekering beheer.

Sommige mediese versekering word tans deur korttermynversekeraars, ander deur lewensversekeraars, ander deur mediese skemas en ander selfs via Lloyd's van Londen en ander internasionale herversekeraars bedryf. Hierdie instansies het verskillende praktyk- en wetlike beheermaatreëls, wat veroorsaak dat nie almal dieselfde finansiële dissipline handhaaf nie. Dit lei tot ongelyke speelvelde wat nie in die publiek se belang is nie.

Kommentaar op die Wetsontwerp word nou verwerk en daar word uitgesien na 'n bedeling waarin die owerheid en die vrye mark sal bydra tot 'n gesonde finansieringstelsel van mediese en verwante koste. Intussen waarsku pro. Marx dat lede van mediese skemas nie hul mediese skemalidmaatskap moet opsê nie, maar liewers 'n aantal maande wag. Hy verwag dat mediese skemas, in samewerking met versekeraars, met produkte vorendag sal kom wat in die publiek se behoeftes sal voorsien. Individue wat nie lid van 'n mediese skema is nie, behoort krities na bestaande versekeringsprodukte te kyk.

# Opheffing van sanksies voordelig

'n Sterk ekonomie is die sleutel tot die bevrediging van die sosiale, politieke en kulturele aspirasies van 'n land se inwoners. Suid-Afrika met sy volop hulpbronne, belowende nywerheidsektor, buitelandse terugbetalingsrekord en so meer, het die potensiaal om ver te vorder op die pad van ekonomiese ontwikkeling.

Buitelandse deelname kan hierdie proses aansienlik vergemaklik en die opheffing van sanksies teen Suid-Afrika skep nou weer geleentheid vir hierdie deelname. Die voordele wat sodanige deelname vir 'n oop ekonomie soos dié van Suid-Afrika inhou, sluit in buitelandse investeringshulp, toegang tot voorheen ontoeganklike markte en groter uitvoergeleenthede. Die makro-ekonomiese impak van buitelandse deelname hou egter veel meer belofte in.

Die eerste voordeel is geleë in die skepping van meer werkgeleenthede. Die beginsel van komparatiewe voordeel illustreer hoe twee lande albei verryk kan word deur met mekaar handel te dryf. Hierdie beginsel word nie meer sonder meer toegepas nie, maar beide handelsvennote word bevoordeel, ook deur die invloei van beleggingskapitaal uit die buiteland. Meer fondse raak beskikbaar vir investering en so kan werkgeleenthede en inkomste geskep word.

Nog 'n voordeel van die opheffing van sanksies vir die Suid-Afrikaanse ekonomie op makrovlak, is die geleentheid om van ander lande se kundigheid en tegnologie te kan gebruik maak. Die oordrag van tegnologie en innovasie uit die buiteland kan ook veel daartoe bydra om ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika te versnel.

Die grootste geleentheid wat die opheffing van sankies bied, is waarskynlik dié van internasionale deelname aan handel. 'n Gesonde ekonomiese groeikoers sal nie outomaties volg op 'n meer verdraagsame buitelandse gesindheid nie. Ekonomiese groei volg op ekonomiese prestasie, wat op sy beurt van 'n gesonde ekonomiese (beleids-) klimaat en 'n regverdige politieke bestel afhang.


Verminderde sanksies raak egter nie net die ekonomie nie. 'n Akademiese instansie wat hom vir oorspronklike denke beywer, word armer gelaat wanneer dit internasionale deelname ontsê word. Die opheffing van sanksies en ander beperkinge sal egter die uitruil van inligting vergemaklik en 'n belangrike bydrae tot groter vrymoedigheid en kontak onder akademici lewer.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Die toenemende belangrikheid van logistiek in Suid-Afrika

"Alhoewel logistiek dikwels as 'n militêre dissipline gesien word, vind die beginsels van logistiek vandag groot byval by die moderne onderneming." Dit is die woorde van prof Pieter Nagel, Bekleër van die Leerstoel in Logistiek, Departement Bestuurswese. Volgens prof Nagel is die rol van logistiek in die hedendaagse sakewêreld baie belangrik en die potensiaal vir kostebesparings binne 'n onderneming feitlik onbeperk.



*"Die geïntegreerde logistieke benadering is een van die instrumente wat 'n belangrike rol in menige onderneming se uiteindelike oorlewing binne die huidige ekonomiese klimaat kan speel," sê prof Pieter Nagel, Bekleër van die Leerstoel in Logistiek*

Logistiek is die dissipline waardeur produkte, stelsels en toerusting aan die mark beskikbaar gestel word.

Die beskikbaarstelling van produkte bied egter vandag 'n heel andersoortige uitdaging aan bestuur as 'n aantal jare gelede. Hedendaagse produkte en dienste het in 'n groot mate pariteit bereik. Daar is nie meer so 'n groot verskil ten opsigte van twee mededingende produkte se kwaliteit nie. As gevolg daarvan word die klem in moderne markmededinging grootliks op die gebied van die beskikbaarheid van produkte geplaas.

Om sterk mededingend te kan wees, moet 'n onderneming dus 'n kwaliteitproduk vinniger en meer effektief aan die mark lewer as wat sy mededinger kan. Diensvlakke en koste-effektiwiteit in die materiaalvloeiproses is dus aan die orde van die dag.

Effektiwiteit behels 'n balans tussen diens en koste. In hierdie opsig spreek logistiek die materiaalvloei binne die onderneming aan met 'n totaal geïntegreerde benadering tot al die aktiwiteite wat met die vloei van materiaal te doen het. Hierdie totale integrasie word moontlik gemaak deur die toepassing van moderne tegnologie.

Deur middel van die integrasie van alle materiaalvloei-aktiwiteite open logistiek aan die onderneming 'n alternatief om koste te bespaar. Kostebesparing ten opsigte van berging, ruimte, beweging en verwante aspekte kry beslag in die opbrengskoers van die onderneming. 'n Blote verhoging van die markaandeel is nie altyd meer so eenvoudig en "goedkoop" nie en daarom word die logistieke integrasieproses al hoe meer in ondernemings as 'n selfstandige ondernemingsfunksie geïmplementeer.

Die effektiwiteit van materiaalvloei-aktiwiteite word nie net deur die berging en beweging daarvan bepaal nie. Die bedryfs- en steuneffektiwiteit van die toerusting het ook 'n direkte impak hierop. Dit impliseer dat logistiek ook 'n groot rol ten opsigte van die aanskaf van toerusting speel.

Die totale logistieke konsep behels dus 'n integrasieproses wat nie net die materiaalvloei-aktiwiteite direk aanspreek nie, maar ook die logistieke implikasies van die toerusting wat daarby ter sprake is.

Die kostebesparings-potensiaal wat logistiek vir die hele onderneming inhou, is dus feitlik onbeperk. As sodanig is die geïntegreerde logistieke benadering dus een van die instrumente wat ook 'n betekenisvolle rol in menige onderneming se uiteindelike oorlewing binne die huidige ekonomiese klimaat kan speel.

Met die toenemende afskaffing van sanksies en die gepaardgaande toename in mededinging, sal die potensiaal tot groter markaandeel al hoe sterker afneem. Prysvoordeel en uiteindelike winspotensiaal sal dus via ander kanale gevind moet word.

Dit is hier waar die grootste potensiaal vir die implementering van logistiek binne Suid-Afrika lê.

Prof Pieter Nagel en mnr Willem Cilliers van die Leerstoel in Logistiek, Departement Bestuurswese, het omvattende navorsing oor kliëntetevredenheid gedoen. Hulle het 'n model, wat die elemente van 'n totale benadering tot kliëntetevredenheid illustreer, ontwikkel. (Lees berig op bladsy 30.)




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Fakulteit aanvaar die uitdaging

"'n Nuwe uitdaging wag op almal van ons. 'n Uitdaging om ons as individue en as instellings en gemeenskappe by die veranderde werklikhede van ons land aan te pas. Ek is oortuig daarvan dat veral dié Fakulteit ook 'n groot rol hierin gaan speel."

Met dié woorde het die Staatspresident, mnr F W de Klerk, die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-gebou op 8 Maart 1991 geopen.


Mnr De Klerk het in sy toespraak na die gehalte werk wat oor die jare heen in die Fakulteit gelewer is, verwys: "Daar is groot waardering vir die Fakulteit se vrugbare betrokkenheid by aspekte van die openbare lewe wat sy dissiplines raak. Hierby moet getel word die vele uitstekende publikasies en die uitmuntende gegradueerdes wat dié Fakulteit oplewer," het hy gesê.



*Die Staatspresident, mnr F W de Klerk, teken sy naam in die Fakulteit se besoekersboek by geleentheid van die opening van die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-gebou*

In die nuwe gebou is daar onder meer voorsiening gemaak vir die mees moderne onderrighulpmiddele en rekenaartoerusting. Besondere aandag is ook gegee aan kortkursusgeriewe en die behoeftes van nagraadse onderrig. Die nuwe gebou bied 'n professionele werkomgewing en 'n eie identiteit aan die Fakulteit.

# Prominente alumni vereer



*Drie eredoktorsgrade is tydens die 1991 Herfspromosieplegtigheid aan oudstudente van die Fakulteit toegeken ter erkenning van hul besondere bydraes in die privaat en openbare sektor. Van links na regs is mnr Meyer Kahn, prof Jan Lombard, prof Danie Joubert, Visekanselier en Rektor, dr Piet van der Merwe en prof Koos Stadler, voormalige Dekaan*

Tydens die 1991 Herfspromosieplegtigheid is die graad DCom (Honoris Causa) aan drie oudstudente van die Fakulteit toegeken.

Mnr Meyer Kahn, 'n oudstudent van die Nagraadse Bestuurskool, is vereer vir sy besondere bydrae tot en prestasies in die sakewêreld in Suider-Afrika, veral op die gebied van bemarkingstrategie.

Prof Jan Lombard, 'n oudstudent en -dosent van die Departement Ekonomie, is vereer vir sy besondere bydrae as openbare amptenaar en veral as leermeester aan sy Alma Mater, tot die Ekonomie as vakgebied in die algemeen en die Ekonomiese Politiek in die besonder.

Dr Piet van der Merwe, 'n oudstudent en -dosent van die Departement Ekonomie, is vereer vir sy besondere bydrae tot die Ekonomie in die algemeen en Arbeidsekonomie en Ekonomiese Ontwikkeling in die besonder.

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het vanjaar 14 voorgraadse diplomas, 65 voorgraadse STR-sertifikate, 744 baccalaureusgrade, 234 honneursgrade, 75 magistergrade, 8 doktorsgrade en 3 eredoktorsgrade toegeken.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Sleutelposisies vir UP-personeel


Vier dosente van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is onlangs in sleutelposisies van die Suider-Afrikaanse Rekeningkundige Vereniging (SARV) aangestel.

Die Vereniging, wat rekeningkundige dosente van technikons en universiteite, sowel as lede van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad en die professie verteenwoordig, bied 'n forum vir onder meer die uitruil van navorsingsuitsette. Deur noue skakeling met die opvoedkundige komitee van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad word leerplanne in rekeningkundige dissiplines gekoördineer.

Die tweejaarlikse SARV-kongres is vanjaar vanaf 1 tot 3 Julie in Bloemfontein gehou. Prof Gerhard Dekker, van die Universiteit van Pretoria se Departement Rekening- en Ouditkunde, is tydens dié kongres as President van die Vereniging verkies. Prof Dieter Gloeck en mnr Greg Bogiages van Tukkies se Skool vir Rekenmeestersopleiding is onderskeidelik tot eresekretaris en erepenningmeester verkies. Prof Herman de Jager, Direkteur van die Skool vir Rekenmeestersopleiding, is tot Nasionale Voorsitter vir die koördinasie en hersiening van Ouditkunde-leerplanne verkies.

Volgens prof Dekker is daar, benewens 'n konstante vraag na geoktrooieerde rekenmeesters (GR's) ook 'n groot behoefte aan opgeleide rekeningkundige tegnici wat die geweldige en steeds toenemende werklas van die GR's kan help verlig. Prof Dekker sê: "Een van my belangrikste take as President sal wees om 'n groter mate van koördinasie en samewerking tussen universiteite en technikons te bewerkstellig, veral ten opsigte van opleiding in die rekeningkundige dissiplines wat nie op die opleiding van GR's gerig is nie."

Daar bestaan verskeie loopbaanmoontlikhede in rekeningkundige dissiplines vir diegene wat in die vakgebied belangstel, en nie spesifiek 'n geoktrooieerde rekenmeester wil word nie. Dit is een van die redes waarom die Universiteit van Pretoria die grade BCom(Interne Ouditkunde) en BCom(Finansiële Bestuur) vanaf 1992 ingestel het.



*Prof Gerhard Dekker (middel), die nuutverkose President van die Suider-Afrikaanse Rekeningkundige Verening saam met prof Dieter Gloeck (Eresekretaris) en die Erepenningmeester, mnr Greg Bogiages (regs)*

# Personeelbestuur vereer baanbrekers

Die Departement Personeelbestuur het op 4 Desember 1990 twee Pro Munere Grates-medaljes (brons) toegeken aan mnre Garry Whyte en Wilhelm Crous, twee persone wat in die veld van menslike hulpbronnebestuur groot baanbrekerswerk gedoen het.

Mnr Garry Whyte het hom in die afgelope dekade beywer om personeelbestuur in Suid-Afrika op 'n professionele grondslag te plaas. Hy het 'n leidende rol gespeel in die ontwikkeling en totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Raad vir Personeelpraktyk en die kriteria en standaarde verbonde aan die registrasie van Suid-Afrikaanse personeelpraktisyns. Hy was ook die eerste Voorsitter van dié Raad. Hy word vereer vir onbaatsugtige diens tot die ontwikkeling van die vakgebied. Mnr Whyte se skielike dood in Februarie 1991 laat die vakgebied en praktyk van personeelbe-stuur met 'n groot leemte.

Mnr Wilhelm Crous was die afgelope tien jaar die Uitvoerende Direkteur van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Personeelbestuur. Hy het die Instituut uitgebou tot een van die grootste vakverenigings in Suider-Afrika. Sy internasionale kontakte is van groot waarde vir die akademiese gemeenskap. Hy word vereer vir sy voortreflike bestuur van die Instituut en sy bydrae tot die vakgebied.

Die Pro Munere Grates-medaljes is die hoogste toekenning wat die Universiteit van Pretoria verleen en is 'n dankbetuiging vir uitsonderlike diens. Die Departement Personeelbestuur het die oorhandigingsfunksie gereël as deel van dié Departement se bydrae tot die herdenking van die sewentigste bestaansjaar van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Bemarkingsbestuuropleiding is mondig

"Die slagspreuk in die bedryfslewe is deesdae bemarking. Die betreklik vinnige tempo van ekonomiese ontwikkeling in die RSA kan slegs tot sy volle reg kom wanneer die sakewêreld bemarkingsgeoriënteerd is."

Hierdie profetiese woorde, wat reeds in 1970 in bekendstellingsbrosjures oor opleiding in Bemarkingsbestuur gebruik is, geld vandag nog. Die Universiteit van Pretoria het sedert die instelling van die Leerstoel in Bemarkingsbestuur 21 jaar gelede, 'n wesenlike bydrae tot die bemarkingsprofessie gelewer.

Die behoefte aan die verhoging in plaaslike bemarkingskundigheid het in die sestigerjare ontstaan as gevolg van toenemende mededinging op plaaslike en oorsese markte. In dié tydperk was daar geen gespesialiseerde opleiding in bemarking in Suid-Afrika nie, ook nie in Afrikaans nie.

Mnr Pierre Viljoen, Besturende Direkteur van Adverto ('n reklameagentskap) en prof Hennie Reynders, destydse Hoof van die Departement Bedryfsekonomie en Dekaan van die Fakulteit, het hierdie behoefte ter harte geneem en 'n motivering vir Bemarkingsbestuuropleiding by die Universiteitsraad ingedien. In 1968 is in beginsel goedkeuring verleen vir Bemarkingsbestuuropleiding, mits voldoende finansiële steun (R150 000) van buite ingesamel kon word. 'n Bevorderingskomitee is benoem wat die fondse binne twee jaar gewerf het. Die Leerstoel in Bemarkingsbestuur is in 1970 ingestel. In Maart 1973 is geskiedenis gemaak toe die eerste BCom(Bemarkingsbestuur)-grade aan 32 studente toegeken is.

'n Advieskomitee is in die lewe geroep om as skakel tussen UP en die bedryfslewe te dien. Lede van die komitee was: mnr Pierre Viljoen, Besturende Direkteur, Adverto en Voorsitter van die Advieskomitee; mnr Peter Savory, bemarkingskonsultant, SAB; mnr Hennie Klerck, Besturende Direkteur, Planmark en Direkteur van Adverto; mnr W Langschmidt, Besturende Direkteur, Market Research Africa; mnr JR Cunningham, verkoopsbestuurder, GKN Hankey en mnr H Schönfeldt, Besturende Direkteur, De Villiers en Schönfeldt.


Prof Sieg Marx, Dekaan van die Fakulteit, was die eerste Bekleër van die Leerstoel in Bemarkingsbestuur. Onder sy bekwame leiding is die opleiding uitgebou tot 'n dinamiese en vooruitstrewende faset van die akademiese program van die Departement Bedryfsekonomie. Hy was as mederedakteur by die eerste omvattende handboek oor Bemarkingsbestuur in Afrikaans betrokke.

Alhoewel ander universiteite ook later opleiding in Bemarkingsbestuur ingestel het, bly UP steeds die enigste Universiteit wat grade in Bemarkingsbestuur tot op doktorale vlak toeken.

Na 21 jaar val die klem in Bemarkingsbestuuropleiding by UP steeds op 'n akademiese onderbou waarop studente kan voortbou wanneer hulle die beroepswêreld betree. Omdat die studieveld van Bemarkingsbestuur deurlopend verander en ondernemings by veranderende omstandighede moet aanpas om geleenthede te benut en bedreigings die hoof te bied, word 'n omvangryke praktiese element by die opleiding ingebou.

In die eerste studiejaar word 'n praktiese taak oor bemarkingskommunikasie onderneem en besprekingsvrae oor die Suider-Afrikaanse konteks word aan die einde van elke studietema in die klasse bespreek. In die derde jaar word die teoretiese kennis van studente saamgebind wanneer 'n wye reeks gevallestudies bestudeer word.

'n Verdere eerste vir die Leerstoel in Bemarkingsbestuur is die instelling van die Stephan Viljoen-stipendium. Mnr Pierre Viljoen, 'n oudstudent van die Fakulteit, het 'n paar jaar gelede 'n fonds ingestel om oorsese studiereise van Bemarkingsbestuurdosente te help finansier. Dié oorsese kontak maak dit moontlik vir doserende personeel om eerstehands met nuwe internasionale ontwikkelings rondom bemarkingsbestuur kennis te maak. Mnr Pierre Viljoen het die fonds na sy vader, prof Stephan Viljoen, voormalige Hoof van die Departement Ekonomie, vernoem.



*'n Terugblik: Die instelling van die Leerstoel in Bemarkingsbestuur 21 jaar gelede is moontlik gemaak deur finansiële steun van die sakesektor. Prof Sieg Marx, eerste Bekleër van die Leerstoel en prof Hennie Reynders, destydse Dekaan saam met mnr Lucas van die Coca-Colamaatskappy, by geleentheid van 'n tjekoorhandiging*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# 'n Model vir suksesvolle bestuur

'n Unieke en omvattende model wat al die funksies in 'n onderneming verreken, is deur prof Sieg Marx, voormalige Hoof van die Departement Bedryfsekonomie, ontwikkel. Die model word nie slegs in die onderrig van al die Departementele kursusse gebruik nie, maar is reeds met groot vrug op strategiese beplanning in die praktyk toegepas.

Die model is die grondslag van 'n nuwe eerstejaarshandboek, *Bedryfsekonomie - Riglyne vir Ondernemingsbestuur*, wat verlede jaar onder redaksie van prof Sieg Marx, Dekaan van die Fakulteit, wyle prof Wille Rademeyer van RAU en prof Hennie Reynders, oudhoof van die Departement en voormalige Dekaan van die Fakulteit, verskyn het.


Die waarde van die model lê in 'n breë visie van die kenmerke en bestuur van die onderneming, wat dit baie bruikbaar maak vir die bestudering van ondernemings en al die funksies daaraan verbonde.

Met die skepping en gebruik van die model het die Departement 'n duidelike tekortkoming in die onderrig oor die bestuur van korporatiewe kommunikasie in ondernemings geïdentifiseer.


Die tekortkoming is onmiddellik aangespreek en vanjaar is 'n bestuurskommunikasiekursus vir die eerste keer op honneursvlak aangebied. Vanaf 1992 sal 'n gedeelte van die derdejaarskursus in Bedryfsekonomie ook afgestaan word aan opleiding in die bestuur van korporatiewe kommunikasie. Praktykgerigte kortkursusse hieroor word ook oorweeg.

Volgens prof Dirk van Rooyen, huidige Hoof van die Departement, is die voordeel van die model dat dit nie bloot 'n akademiese wondermiddel is nie, maar 'n lewensgetroue uitbeelding van die praktyk.

Dit bied 'n praktiese raamwerk vir die bestudering en verklaring van die moderne onderneming aan die praktiserende sakeman, bestuurder in enige onderneming, bedryfs-ekonoom en ander bestuurswetenskaplikes, asook aan studente in die Bedryfs-



*"Die voordeel van die model is dat dit 'n lewensgetroue uitbeelding van die praktyk is," sê prof Dirk van Rooyen, Hoof van die Departement Bedryfsekonomie*




*Dié model verreken al die funksies in 'n moderne onderneming en dien as wetenskaplike grondslag vir suksesvolle bestuur*


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Onderrigbenadering bring groter verantwoordelikheid

"I never teach my pupils. I only attempt to provide the conditions under which they can learn." Dié woorde van Albert Einstein weerspieël die Fakulteit se strewe na effektiewe onderrig waardeur studente begelei word om effektief te leer.

Die Universiteit van Pretoria het oor die afgelope jare 'n effektiewer onderrigpraktyk geïmplementeer. Deur middel van verskeie onderrigstrategieë, soos die gebruik van studiehandleidings, is wegbeweeg van 'n dosentgesentreerde benadering na een wat fokus op die student as leerder.

Hierdie klemverskuiwing plaas 'n groter verantwoordelikheid op die student, van wie nou verwag word om meer selfstandig en selfwerksaam by die leerinhoud betrokke te raak. Sodoende word hy gelei om aktief deel te neem aan die leerproses. Dit stel ook andersoortige eise aan die dosent. Hy kan nie meer net onderrig nie - hy moet ook as bestuurder van die student se leerproses optree.

Die dosent kan op verskeie maniere die student in die leerproses begelei. Die studiehandleiding as leerbestuursinstrument speel 'n belangrike rol. Hierin stel die dosent duidelike leerdoelwitte, wat die student op die hoogte bring van presies wat hy moet ken en kan doen. Opdragte en ander noodsaaklike inligting in die studiehandleiding help in die skepping van 'n klimaat vir leerbestuur. Tydens die onderrig-leersituasie val die fokus op die student, wat interaktief betrek word.

Nog 'n dimensie van hierdie benadering is handboeke wat saamgestel word om as interaktiewe werkboeke by die studiehandleidings aan te sluit. Hierdie werkboeke, met vrae en opdragte, word gebruik om dinamiek tydens onderrig-leersituasies te bevorder.

Die personeel van die Fakulteit neem ook op 'n deurlopende basis aan onderrigontwikkelingsprogramme deel. Sodoende kan hulle 'n effektiewer onderrig- en evalueringspraktyk beoefen en relevante opleidingsprogramme saamstel.

Die Universiteit van Pretoria se Buro vir Akademiese Steundienste verskaf hulp aan dosente ten opsigte van tersiêre onderrig. Dr Pieter du Toit, Senior Onderrigadviseur van die Afdeling Onderrigontwikkeling, is reeds vanaf 1986 vir die professionele ontwikkeling van dosente in die Fakulteit verantwoordelik. Seminare oor verskeie aspekte van onderrig-leer word deur hom of dosente self geïnisieer. Sodoende bly die Fakulteit op die hoogte van nuwe ontwikkelings op die gebied van tersiêre onderrig en kan effektiewe onderrig-leer bevorder word.

# Afrika-betrokkenheid realiseer

Die Departement Ekonomie gaan 'n sentrum in die lewe roep wat vanaf 1992 gespesialiseerde nagraadse opleiding in ekonomiese politiek en toegepaste ekonomie sal aanbied. In die opleiding sal die problematiek van ontwikkeling in Suid- en Suider-Afrika benadruk word.

Die Sentrum vir Ekonomiese Politiek en Analise (SEPA) sal gespesialiseerde nagraadse opleiding in Engels aanbied. Dit sal verseker dat opleiding aan dié Sentrum toeganklik is vir enige student uit Afrika en die buiteland.

Die Departement Ekonomie aan die Universiteit van Pretoria het reeds groot bydraes gelewer ten opsigte van die onderrig in en navorsing oor ontwikkelingsekonomie. Eweneens het die Departement bekendheid verwerf as 'n plek waar die ekonomiese politiek en toegepaste ekonomie, telkens gerig op Suid- en Suider-Afrika se breë ontwikkelingsgang, intensief bestudeer word.

Wanneer die databasisse en -bronne, sowel as die bestaande kundigheid in die Departement in ag geneem word, is dit duidelik dat hierdie Departement 'n besondere bydrae kan lewer in die volgehoue soeke na oplossings vir Afrika se ontwikkelings- en breë ekonomies-politieke vraagstukke.

Die Suid-Afrikaanse private en owerheidsektor beskik ook oor kundiges op dié gebiede. Die Departement kan daardie kundigheid mobiliseer en sentreer.

Noue kontak met top navorsings- en onderriginstellings in veral die VSA en Duitsland, maar ook in Engeland en selfs Rusland, Frankryk en Taiwan kan dit moontlik maak om kundigheid te mobiliseer wat tot Suid-Afrika en Afrika se beskikking gestel kan word.

As gevolg van die besondere omstandighede is besluit om dié nagraadse opleiding, wat op Afrika-behoeftes afgestem is, in Engels aan te bied. Sodoende raak die Departement al meer toeganklik vir Afrika en kan kundiges vanuit die ontwikkelende wêreld makliker betrek word.

So word op 'n besondere wyse beslag gegee aan die missie van die Universiteit om toenemend in Afrika betrokke te raak.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Tukkies presteer in KE-eksamen


Die bekendmaking van die Kwalifiserende Eksamen (KE) se uitslae is jaarliks 'n hoogtepunt vir die Skool vir Rekenmeestersopleiding.

Vir die studente is dit die verwesenliking van 'n lank gekoesterde ideaal waarvoor hulle hard gewerk het en wat uiteindelik bekroon word met toetrede tot die gesogte professie van geoktrooieerde rekenmeester (GR).

Tukkies se Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) het 'n goeie rekord in die KE, wat sowel slaagsyfers as die groei in die aantal suksesvolle kandidate aanbetref. 'n Slaagsyfer van tussen 70 en 80 persent is as ideaal gestel.

Die SRO se slaagsyfer die afgelope vyf jaar het tussen hierdie grense beweeg, met 'n gemiddelde slaagpersentasie van 76 persent. Die aantal suksesvolle Tukkie-GR's het gegroei van 18 in 1986 tot 59 wat die eksamen vanjaar geslaag het. Die aantal suksesvolle KE-kandidate kan in 1992 tot ongeveer 90 styg en in 1993 behoort sowat 100 UP-studente die eksamen te slaag. Die 918 kandidate wat vanjaar landswyd die KE geslaag het, verteenwoordig slegs 58 persent van die totale aantal eksamenkandidate.

Wat die 1991 KE-uitslae vir die SRO nog meer besonders maak, is die uitnemende prestasie van twee Tukkie-kandidate. Mev Emarie Botha (née Koen) het nie net 'n algehele derde plek verower en die eksamen met lof geslaag nie, maar ook die eerste plek onder al die damestudente ingeneem. Mev Botha doen vanjaar haar akademiese klerkskap by die SRO. Sy beplan om in 1992 haar klerkskap




*Die eerste dame in die Kwalifiserende Eksamen, mev Emarie Botha, het ook 'n algehele derde plek verower*

by KPMG Aiken & Peat te doen.

Die ander Tukkie-presteerder is mnr Henk Pieterse, wat die algehele negende plek verower het. Hy is tans 'n ingeskrewe leerlingrekenmeester by die firma Deloitte Pim Goldby.

Die Skool vir Rekenmeestersopleiding is verbind tot uitnemende opleiding ten einde Tukkie-studente wat die uitdagings van die toekoms die hoof sal bied, en wat die land as professionele rekenmeesters sal dien, te lewer.

***Die uitslae van die 1991 Kwalifiserende Eksamen ...***



*Die spanning ...*



*en die vreugde !*

# Internasionale erkenning vir BCom-grade

Die *Chartered Institute of Management Accountants* (CIMA), 'n professionele rekeningkundige liggaam in die Verenigde Koninkryk, word internasionaal erken vir die hoë professionele en tegniese standaarde wat dit aan sy lede stel.

Die CIMA-kwalifikasie is baie gesog en kan deeltyds verwerf word. Die vereistes vir lidmaatskap is drie jaar praktiese ervaring wat opgedoen kan word in verskeie velde, insluitend die Handel en Nywerheid, sowel as die suksesvolle aflegging van 16 CIMA-vakke wat in vier fases geskryf word.

Dié Instituut het reeds meer as 28 000 gekwalifiseerde lede en meer as 44 000 geregistreerde studente wêreldwyd. CIMA het plaaslike organisasies vir sy lede in 40 lande. In Suid-Afrika is daar



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

tans 785 gekwalifiseerde lede en 1 290 studente.

Daar is 'n toenemende belangstelling by studente wat aan die Universiteit van Pretoria afstudeer om dié internasionale kwalifikasie te bekom. 'n Student wat 'n BCom (Rek)-graad aan UP verwerf, is tans geregtig op vrystelling vir sewe van die 16 vakke. Gedurende Augustus 1991 het die Universiteit van Pretoria by CIMA aansoek gedoen vir die vrystelling van nog vyf vakke vir UP-studente wat die BCom(Rek)-graad verwerf het.

Dié aansoek poog ook om vrystelling vir hierdie 12 vakke te kry vir UP-studente wat die grade BCom (Finansiële Bestuur); BCom(Finansiële Bestuur)(Hons) en BCom(Rek)(Hons) verwerf. 'n Antwoord op dié aansoek word gedurende Desember 1991 verwag.

Studente wat die GR(SA) kwalifikasie behaal, word reeds vrygestel van 12 vakke. Hulle hoef slegs die vier vakke van die finale fase te skryf om as lid van CIMA te kwalifiseer.

Die standaard en inhoud van rekenkundige opleiding aan die Universiteit van Pretoria vergelyk baie goed met internasionale standaarde. Die Universiteit van Pretoria se kontak met CIMA plaas 'n internasionale kwalifikasie gemaklik binne die Tukkie-studente se bereik.



*Prof Gerrit Viljoen, Hoof: Departement Rekening- en Ouditkunde, oorhandig hier die aansoek om verdere vrystellings aan mev Katherine Grimshaw, die internasionale verteenwoordiger van CIMA*

# Landbou-ekonomie sluit nuwe deure oop



*"Die Departement Landbou-ekonomie poog om denkers op te lei," sê prof Jan Groenewald, Hoof van die Departement*

Landbou-ekonomie as vak is tradisioneel slegs in die Fakulteit Landbouwetenskappe gedoseer. Sedert 1989 is dit egter ook 'n hoofrigting vir 'n graadkursus in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Die graad BCom(Landbou-ekonomie), 'n drie jaar graadkursus, is in dié jaar vir die eerste keer aangebied. Die kursus het ten doel om kandidate voor te berei vir beroepe waarin die klem meer val op kennis van ekonomiese as landboukundige beginsels. Fasette soos bemarking, statistiek, besigheidsreg, rekeningkunde, finansiering, handel, inkomste- en handelsbeleid word hierin aangespreek.

Landbou-ekonome is betrokke by alle ekonomiese aktiwiteite wat landbou en die verspreiding van landbouprodukte raak. Hul werkveld wissel van buitemuurse aktiwiteite in landelike gebiede tot raadsale en kantore in stedelike sakesentra.

Hulle is betrokke by die vervaardiging en verspreiding van boerderyproduksiemiddele; die boerdery; die bepaling van owerheidsbeleid rakende landbou- en verbruiksaangeleenthede; die aankoop, verwerking en verspreiding van landbouprodukte; die finansiering van alle aspekte van sowel landbouproduksie as die afset van landbouprodukte; en by landbou-ontwikkeling en navorsing oor al hierdie fasette. Benewens die wye belangstellingsveld, het elke landbou-ekonoom ook sy besondere spesialisasieveld.

Die landbou-ekonoom se aktiwiteite dek 'n wye veld binne en buite spesialiteitsvakke van ekonomiese en landboukundige rigtings en raak ook ander vakgebiede aan.

Die studieveld behels onder meer produksie-ekonomie, finansiële bestuur, bemarking, beleid, ontwikkeling en ekonometrie. Hierdie kombinasie maak landbou-ekonome baie gesogte kandidate vir vele betrekkings op die plaaslike, streeksgebonde, nasionale en internasionale terrein.

Weens die veelsydigheid van die beroep is dit dan ook nie verbasend dat die aantal BCom(Landbou-ekonomie)-studente steeds toeneem nie. Tans is daar 44 ingeskrewe studente vir dié graadkursus; nege BCom(Honneurs)-studente en drie MCom-studente.

Die Departement se uitgangspunt is dat die weg tot behoorlike probleemoplossing en geleentheidsvervulling in 'n dinamiese toekomswêreld in optrede deur kennis en denke lê.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Leersentrum gee beslag aan onderrigfilosofie

In ooreenstemming met die onderrigfilosofie van die Universiteit van Pretoria, naamlik meer selfwerksaamheid deur studente, het die Departement Informatika besluit om 'n multimedialeerpakket op die proef te stel.


Die pakket is saamgestel uit 'n aantal multimediamodules wat spesifiek gekies is om 'n bepaalde sillabus - in dié geval COBOL-opleiding - gestruktureerd aan te bied. Elke module is 'n samestelling van teks-, video- en oudiomateriaal wat die student selfstandig en in sy eie tyd kan deurwerk.

Die bestuurskomitee van die Departement het die COBOL-opleiding vir die tweedejaar Informatika-studente as die geskikste onderwerp vir hierdie proefneming geïdentifiseer.

'n Firma wat spesialiseer in multimedia-onderrig is genader, die saak is bespreek en na verskeie opvolggesprekke is 'n leerplan uitgewerk wat naastenby met die bestaande COBOL-sillabus ooreenkom. Ondersteuningsfasiliteite soos onder meer oudiovisuele toerusting, 'n lokaal om as 'n leersentrum in te rig en administratiewe prosedures is ook bepaal en 'n begroting is vir die projek opgestel.

Ten einde 'n geskikte lokaal te bekom, het die Departement Informatika die drie mikrorekenaarlaboratoriums herbeplan. Die eerstejaarslaboratorium is omskep in 'n werkslaboratorium vir al die studente van die Departement. Die tweede/derdejaarslaboratorium is verander na 'n laboratorium vir praktiese lesings en die nagraadse laboratorium is gekombineer met die nuwe werkslaboratorium, wat toe ingerig is vir die leersentrum. Met die aanvang van die tweede semester van 1991 is daar met die eerste kursus begin.

Alhoewel die multimedialeerpakket groter selfstandigheid aan die student verleen, beteken dit geensins dat die dosent minder betrokke by die student en sy leerproses is nie. Veral die interaksie tussen dosent en student is steeds uiters belangrik. Tradisionele lesings word hier vervang met weeklikse klassamesprekings, waartydens die dosent 'n oorsig gee van die volgende module op die program, met die klem op die leerdoelwitte.



*"Die doel van meer selfwerksaamheid deur studente kán bereik word," sê prof Dewald Roode, Hoof van die Departement Informatika*

In hierdie leeromgewing is dit belangrik dat die dosent die studente se vordering voortdurend monitor. Dit word gedoen deur gereelde werkopdragte wat ingeneem en nagesien word. Die werkopdragte toets die student se pasverworwe kennis en vaardighede. Aanvullende toetsmodules moet afgelê word, en wanneer 'n student reken hy het 'n bepaalde onderwerp bemeester, sal hy op die PHOENIX-STELSEL aanteken en die toets aflê. Die stelsel verhoed 'n student om dieselfde toets meer as een keer af te lê, en die dosent kan dus die evalueringsproses maklik administreer.

Dit is dus duidelik dat die dosent steeds 'n belangrike taak het om te verrig naas die tradisionele onderrigtaak. Met dié nuwe benadering is die dosent ook bestuurder van die studente se leerervaring.

Prof Dewald Roode, Hoof van die Departement Informatika, sê: "Aangesien die multimedialeersentrum eers vanjaar in gebruik gestel is, is dit nog te vroeg om 'n mening oor die geslaagdheid daarvan uit te spreek. Die aanduidings is egter positief en ek glo dat multimedialeerpakkette, tesame met vordering op die gebied van rekenaargesteunde onderrig, effektief gebruik kan word om die doel van groter selfwerksaamheid van studente te bereik."

# Opleiding: Finansiële Bestuur

Meeste bestuursbesluite in 'n onderneming het finansiële implikasies. 'n Bestuurder sonder 'n goeie finansiële agtergrond kan nie 'n suksesvolle bestuurder wees nie.

In ooreenstemming met hierdie neiging en 'n steeds groterwordende behoefte aan professionele finansiële bestuurders in die sakewêreld, word die BCom(Finansiële Bestuur)-graadkursus weer vanaf 1992 by die Universiteit van Pretoria aangebied.

Die BCom(Finansiële Bestuur)-graad bied finansiële kundigheid aan persone wat op bestuursvlak in die finansiële wêreld wil beweeg, maar wat nie as geoktrooieerde rekenmeesters wil praktiseer nie.

'n Persoon in besit van dié graad en toepaslike ondervinding kan aangestel word as 'n maatskappyrekenmeester, finansiële bestuurder,



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

finansiële direkteur of beleggingsbestuurder. Hy kan ook sy eie sake-onderneming begin of as 'n finansiële konsultant optree.

'n Persoon wat hierdie graad verwerf het, kwalifiseer as 'n professionele lid van die Rekeningkundige Tegnici van Suider-Afrika. 'n Bykomende vereiste is dat die vakke Boedeladministrasie en Ouditkunde in die opleiding ingesluit word en dat die formele opleiding opgevolg word met 'n praktiese opleidingsperiode onder toesig vir drie jaar.

'n Student wat hom vir hierdie gesogte beroep wil bekwaam, kan met 'n BCom(Finansiële Bestuur)-graad begin, dit met 'n honneursgraad in Finansiële Bestuur opvolg en met 'n MCom en later 'n DCom in Finansiële Bestuur, aangebied in die Departemente Bedryfsekonomie en Rekening- en Ouditkunde, afsluit.

Om die student voor te berei vir die taak van finansiële bestuurder, word Finansiële Bestuur, Finansiële Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde as hoofvakke aangebied. Beleggingsbestuur word op derdejaarsvlak as semesterkursus geneem. Om sukses in hierdie studierigting te behaal, is 'n sterk analitiese vermoë en 'n aanleg vir syfers noodsaaklik.

Die toenemende belangstelling in dié unieke graadkursus word onderstreep deur die verhoogde aantal studente wat sedert 1988 vir die relevante vakkursusse in die Departement Bedryfsekonomie geregistreer het.

Sedert verlede jaar is die grootste toename op nagraadse vlak ondervind, met 'n totale inskrywingsgetal vir die vier nagraadse vakke in die Departement Bedryfsekonomie wat vanaf 78 tot 134 toegeneem het.

Die koördineerders vir die graadkursus in Finansiële Bestuur is proff Gerrit Viljoen en Ebo Oost, onderskeidelik van die Departemente Rekening- en Ouditkunde en Bedryfsekonomie.

# Opleiding in rekeningkundige dissiplines uitgebrei

Die Universiteit van Pretoria is altyd gereed om behoeftes aan opleiding aan te spreek. Die instelling van die graad BCom (Interne Ouditkunde) vanaf 1992 is 'n voorbeeld van dié tipe gemeenskapsdiens. Hierdie graad sal in die groot vraag vir opleiding in dié rekeningkundige dissipline, wat nie op die GR-professie gerig is nie, voorsien.

Die interne ouditeur is 'n professionele persoon en lid van die Instituut van Interne Ouditkunde (IIOSA). Hierdie jong, vinnig groeiende professie word internasionaal erken. Vandag het feitlik elke groot onderneming 'n interne ouditafdeling wat topbestuur adviseer en van ander bestuursdienste voorsien.

IIOSA bevorder die professionele status en onderlinge samewerking tussen interne ouditeure. Lidmaatskap word toegeken op grond van toepaslike kwalifikasies en ervaring. Die Instituut se lede is onderworpe aan 'n stel standaarde en etiese gedragskodes, wat verseker dat alle lede dieselfde hoë standaarde in die uitvoering van hulle werk handhaaf.

In teenstelling met die eksterne ouditeure, wat die kwalifikasie Geoktrooieerde Rekenmeester GR(SA) nastreef, is die interne ouditeur daarop ingestel om 'n internasionale eksamen te slaag, wat aan hom die kwalifikasie CIA of *Certified Internal Auditor* verleen.

Die interne ouditeur moet die bestuur dien. Hy funksioneer in 'n staffunksie en doen in die meeste gevalle direk aan die direksie van die onderneming verantwoording.

Alhoewel die interne ouditeur se werk hoofsaaklik op die finansiële afdelings van die onderneming gerig is, is dit nie daartoe beperk nie. Interne ouditeure ondersteun ook nie-finansiële afdelings soos die produksie-, ontwerp- en selfs personeelafdelings.

In die uitvoering van sy take maak die interne ouditeur van die rekenaar as hulpmiddel gebruik.

Ander take wat die interne ouditeur kan verrig, is byvoorbeeld:

- die ondersoek en ontleding van die onderneming se rekeningkundige stelsel en interne beheermaatreëls ten einde risiko's uit te skakel en die onderneming meer winsgewend te laat funksioneer;
- bystand met die opstel van begrotings;
- opvolgwerk ten einde redes vir die afwyking van begrotings te identifiseer;
- algemene advies oor die doeltreffende aanwending van hulpbronne in 'n organisasie en
- ondersoeke om vas te stel in watter mate bestuursbeleid toegepas kan word.

Daar is tans relatief min Gesertifiseerde Interne Ouditeure in Suid-Afrika, alhoewel daar 'n groot behoefte aan dié persone is.

In die lig van die groei wat die interne ouditprofessie in die openbare en privaat sektor beleef, is die beroepsvooruitsigte baie goed.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Finansiële kundiges eerste keer betrek

Die *National Sun Yet-Sen Universiteit* in Koahsiung, Taiwan bied jaarliks 'n internasionale konferensie oor vergelykende bestuurstyle aan waartydens onderafdelings van bestuur bespreek en internasionale bestuurspraktyke en -style vergelyk word.

Die *Fourth International Conference on Comparative Management,* wat vanjaar vanaf 2 tot 4 Junie aangebied is, is deur drie personeellede van die Nagraadse Bestuurskool bygewoon. Hoewel prof Adré Boshoff al vorige jare aan dié konferensie deelgeneem het, was proff Leon Brümmer en Hugo Lambrechts, twee finansiële kundiges van UP, vanjaar vir die eerste keer betrokke. Finansiële en Beleggingsbestuur het 'n wesenlike deel van die 1991 konferensie gevorm.

Prof Leon Brümmer, Waarnemende Direkteur van die Buro vir Finansiële Analise, het tydens dié konferensie 'n referaat, gebaseer op nuwe navorsingsbevindinge, gelewer. Sy referaat het gehandel oor die verband tussen 'n markverwante maatstaf en 'n soortgelyke rekeningkundige maatstaf vir 'n aandeel se prysgevoeligheid.

Albei maatstawwe staan bekend as die sogenaamde beta-risikomaatstaf, maar hulle meting van die prysgevoeligheid van 'n aandeel verskil. Prof Brümmer het met sy navorsing bevind dat dié twee maatstawwe nie dieselfde resultate - in terme van die voorspelling van 'n aandeel se risiko - lewer nie. Die markverwante maatstaf is 'n getrouer weergawe van risiko. Rekeningkundige syfers is nie net minder gereeld beskikbaar nie, maar word ook deur rekeningkundige praktyke beïnvloed en is daarom 'n minder betroubare maatstaf van risiko.


Prof Hugo Lambrechts, wat vir sy DBA-proefskrif navorsing oor die Suid-Afrikaanse termynmark onder leiding van prof Brümmer gedoen het, het tydens dié konferensie 'n deel van sy navorsingsresultate in referaatvorm, getiteld *Die prysbepaling en markdoeltreffendheid van die Suid-Afrikaanse aandele-indeks termynmark*, aangebied.

Dit is die eerste keer dat daar in Suid-Afrika navorsing op dié gebied gedoen is. Die doel van die navorsing was om te bepaal of die relatief nuwe Suid-Afrikaanse termynmark, wat informeel in 1987 tot stand gekom het, doeltreffend funksioneer.

Voor 1987 kon opsies geneem word op aandele - 'n opsiepremie is betaal, die voornemende koper was onder geen verpligting om te koop nie, en het slegs sy opsiepremie verbeur indien hy nie die opsie uitgeoefen het nie. 'n Termynkontrak daarenteen, is 'n opsie wat 'n verpligting is. Termynkontrakte word op aandele-indekse, Eskomeffekte, bankaksepte en op die dollar/goudprys verhandel.

Daar is 'n vaste verband tussen termynmarkpryse en aandelepryse. Indien daar nie 'n voorspelbare (statisties beduidende) verband bestaan nie, kan gesê word dat abnormale winsmoontlikhede wel beskikbaar is en dat die mark nie doeltreffend funksioneer nie.

Prof Lambrechts is in Augustus deur die Minister van Finansies as lid van die Advieskomitee op Effektetrusts aangestel. Sedert 1988 publiseer hy kwartaalliks 'n effektetrust-opname - die enigste onafhanklike opname wat 'n prestasievergelyking van al die verskillende effektetrusts op 'n gereelde basis en 'n standaard grondslag verskaf.



*Prof Hugo Lambrechts het baanbrekersnavorsing gedoen op die gebied van effektetrusts, aandele en die Suid-Afrikaanse termynmark*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Kontak met internasionale logistieke arena





*Prof Ben Blanchard (links) van die Virginia Polytechnic Institute and State University en prof Jim Stock van die University of South Florida tydens die internasionale kongres*

Logistiek is 'n aktuele fokuspunt in die Suid-Afrikaanse industrie. Die Leerstoel in Logistiek, wat vier jaar gelede onder leiding van prof Pieter Nagel gevestig is, lewer steeds 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van logistiek as vakgebied.

As deel van hul verbintenis tot uitnemendheid verseker die Leerstoel dat kontak met die internasionale logistieke arena gemaak en behou word. Hierin het die Leerstoel 'n belangrike bydrae gelewer deur onlangs twee wêreldkenners op die gebied van logistiek as gaste by die Universiteit van Pretoria te ontvang. Prof Jim Stock van die *University of South Florida* en prof Ben Blanchard van die *Virginia Polytechnic Institute and State University* het tydens hul besoek onder meer aan werksessies deelgeneem waartydens die jongste logistieke ontwikkelinge bespreek is.

Proff Stock en Blanchard het ook as sleutelsprekers opgetree tydens 'n internasionale kongres oor *Die Totale Logistieke Konsep* wat deur die Leerstoel aangebied is. Dr Marius de Waal, Voorsitter van die direksies van Transnet en Yskor, het die openingsrede gelewer.

'n Spesiale aandsessie is aangebied om die topbestuur van maatskappye, wat nie die hele kongres kon bywoon nie, die geleentheid te gee om na die buitelandse gaste te luister. Die sukses van hierdie besoek word weerspieël in die feit dat meer as 200 bestuurders vanuit die industrie na die Amerikaanse besoekers kom luister het.

# Taiwannese besoek uiters suksesvol

Gedurende Julie en Augustus vanjaar het mnr Theo Bekker van die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek 'n Suid-Afrikaanse afvaardiging na Taiwan gelei.

Die afvaardiging van tien lede, verteenwoordigend van die openbare sektor, privaat sektor, akademici, joernaliste en die Landsdiensbeweging, is volgens 'n uitruilooreenkoms na 'n internasionale seminaar oor Chinese studies by die Universiteit van Chengchi in Taipei genooi.

Meer as 90 verteenwoordigers van 23 state het dié seminaar bygewoon. Die Suid-Afrikaners is hartlik ontvang deur almal en 'n groot belangstelling in gebeure in Suid-Afrika is getoon. Noue kontak en bande is met verteenwoordigers van veral Jordanië, Honduras, Guatemala, Japan, Duitsland en die VSA gesluit.

Mnr Bekker het ook die geleentheid gehad om na afloop van die seminaar verskeie universiteite, buro's en navorsingsinstansies te besoek.

'n Welwillendheidsbesoek is aan Prof Chen Sun, Rektor van die *National Taiwan University*, susteruniversiteit van die Universiteit van Pretoria, gebring. Prof Sun het op sy beurt die Universiteit van Pretoria in Augustus vanjaar besoek.

Ander instansies wat ook besoek is, sluit in die *Tamkang University, Asia and World Institute, Institute of International Relations* en die *Democracy Foundation*.

By *Tamkang University* het mnr Bekker op uitnodiging as gasdosent lesings vir magister- en doktorale studente aangebied. Die lesings het gehandel oor die demokratiseringsproses in Suid-Afrika en die problematiek van die Derde Wêreld in 'n nuwe wêreldorde.

Prof Thomas Lee, Hoof van die *Institute of American Studies* by *Tamkang University* het te kenne gegee dat sy universiteit bereid is om nouer met Suid-Afrikaanse akademici saam te werk.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Aktiewe betrokkenheid werp vrugte af

Die Departement Landbou-ekonomie van die Universiteit van Pretoria handhaaf besondere internasionale verhoudings. Dit word duidelik weerspieël in die personeel se bydraes op internasionale terrein en besoeke van verskeie akademici uit Hongarye, Swede, Duitsland en Amerika die afgelope jaar aan die Departement Landbou-ekonomie.

## Internasionale betrokkenheid

Benewens verskeie bydraes tot internasionale publikasies, lewer die personeel van die Departement Landbou-ekonomie ook referate by verskeie internasionale kongresse. Gedurende 1991 het proff Jan Groenewald en Johan van Zyl elk 'n referaat, asook een wat deur mnr Helmke von Bach voorberei is, by die Wêreldkongres van Landbou-ekonome wat gedurende Augustus 1991 in Tokyo aangebied is, gelewer. Hierdie konferensie, wat slegs elke derde jaar plaasvind, is deur meer as 2 000 landbou-ekonome vanoor die wêreld bygewoon.

Proff Groenewald en Van Zyl en mnr Helmke von Bach het ook altesaam vyf referate by die Interkonferensie Simposium van die *International Association of Agricultural Econonomists* in Swakopmund gelewer. Hierdie simposium is deur landbou-ekonome uit 28 lande bygewoon.

Mnr Willie Lubbe het ook onlangs die Kongres van die Namibiese Vleisprodusente-unie in Windhoek, Namibië toegespreek.

## Internasionale besoekers

Die aktiewe internasionale betrokkenheid van die Departement Landbou-ekonomie het tot gevolg dat groter kontak met ander akademici gemaak word. Gedurende 1991 het verskeie internasionale akademici die Departement besoek.


Prof Chaba Cs'aki, Rektor van die Budapest Universiteit van Ekonomiese Wetenskappe in Hongarye, het tydens sy besoek 'n referaat gelewer oor die nuwe wêreldorde in die ekonomie na die ineenstorting van die COMECON en handelsliberalisering. Volgens hom sal aanpassings pynlik en ingrypend wees, maar die eindresultaat sal hoër welvaart wees.

Prof Ferenk Fekete van die Budapest Universiteit van Ekonomiese Wetenskappe in Hongarye is 'n deskundige op die gebied van landelike strukture en het tydens sy besoek aan die Departement 'n insiggewende referaat hieroor gelewer. Volgens hom het die Hongaarse ervaring groot waarde in 'n Nuwe Suid-Afrika.

Prof Peter Söderbaum van die Universiteit van Uppsala in Swede, 'n wêreldoutoriteit op die gebied van omgewingsekonomie, het tydens sy besoek aan die Departement 'n uiters insiggewende lesing oor ekonomiese groei binne omgewingsverband gegee.

Prof Konrad Hagedorn van die Universiteit van Hanover in Duitsland het op sy beurt 'n interessante bydrae gelewer in 'n referaat oor tegnologie-oordrag en tegnologiese vordering in die landbou en aanverwante bedrywe.

Prof Jerry Eckert het ook die Departement gedurende 1991 besoek. Hy is aan die *Colorado State University* verbonde en is tans Fulbright Professor by die Skool vir Ekonomie aan die Universiteit van Kaapstad, waar hy navorsing doen oor herverdeling. Hy het uitgebreide ondervinding van navorsing en raadgewing oor landbou en landelike ontwikkeling opgedoen, onder meer in Pakistan, Gambië, Lesotho, Namibië en Suid-Afrika. Prof Eckert beskou 'n doelgerigte strewe na doeltreffendheid en billikheid as die basis vir potensiële voordele vir alle sosio-ekonomiese groepe. Volgens hom is herverdeling sonder groei, en so ook groei sonder herverdeling, nutteloos.



*Prof Jerry Eckert van die Colorado State University het tydens sy besoek aan die Departement Landbou-ekonomie sy besondere navorsingsveld, naamlik herverdeling, bespreek*

Prof Zike Pasour van die *North Carolina State University* in die VSA is 'n wêreldoutoriteit op die gebied van landbou- en handelsbeleid. Tydens sy besoek het hy veral klem gelê op die nadelige effek wat swak gekose fiskale en monetêre beleid op produksie-ekonomie kan hê.

Dr John Hildebrand van Michigan (VSA) is veral bekend vir sy werk oor interstaatlike ekonomiese integrasie. Hy het tydens sy besoek onder meer gesels oor die potensiële voor- en nadele wat sodanige integrasie vir alle Suider-Afrikaanse state kan inhou. Volgens hom bestaan daar sekere hindernisse wat slegs oorkom kan word indien professionele aandag daaraan verleen word. Sodoende word aanvanklike probleme wat elders ervaar is, vermy.

Dr Bill Obura van die Afrika Ontwikkelingsbank het in 'n bespreking met personeellede van die Departement oor interstaatlike samewerking en ekonomiese vooruitsigte vir Afrika gesels.

Prof Anna Burger van die Universiteit van Szegéd in Hongarye het tydens haar besoek 'n lesing gehou oor die sosio-ekonomiese effek van die oopstelling van die Hongaarse ekonomie vir Westerse invloede.


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Professor ondersoek maatskappydokter

Die "maatskappydokter", soos 'n Herstelbestuur-projekspan veral in die Verenigde Koninkryk bekend staan, speel 'n belangrike rol om maatskappye van bankrotskap te red.

Prof Ernest Glad, Dosent in MCom(Bestuursrekeningkunde) van die Skool vir Rekenmeestersopleiding, het tydens sy onlangse besoek aan die Verenigde Koninkryk aan 'n omvangryke Herstelbestuur-projek deelgeneem.

Herstelbestuur verwys na die bestuur van 'n onderneming met ernstige finansiële probleme deur 'n span onafhanklike adviseurs, wat geoktrooieerde rekenmeesters insluit. Dié span ondersoek nie net die voortbestaan van so 'n onderneming nie, maar stel ook sekere finansiële maatreëls voor wat die onderneming op die pad van winsgewendheid sal terugplaas.

Prof Glad was deel van 'n Herstelbestuur-projekspan wat ondersoek gedoen het na die voortbestaan van 'n groot groep maatskappye in die vleisbedryf in Ierland. Die finansiële blootstelling vir skuldeisers het in die spesifieke projek R3,4 miljard beloop.

Dié projek het groot belangstelling in die pers gewek as gevolg van die finansiële omvang daarvan, sowel as die feit dat dit die eerste sodanige projek onder nuwe wetgewing in Ierland was.


Volgens prof Glad bestaan daar tans nog 'n groot leemte in hierdie verband in Suid-Afrika. Veral gesien in die lig van die talle bankrotskappe wat in Suid-Afrika aan die orde van die dag is, kan baie geleer word uit Herstelbestuur in die Verenigde Koninkryk.

Prof Glad het ook tydens hierdie studiereis 'n kursus oor *Corporate Finance* bygewoon; die *Chartered Institute of Management Accountants* (CIMA) besoek en verskeie onderhoude met Britse akademici gevoer tydens sy besoeke aan onder meer *Cambridge University, London School of Economics and Political Studies, University of Glasgow* en *University of Lancaster*.

Die doel hiervan was om nouer skakeling met universiteite wat ook nagraadse finansiële be- stuursopleiding aanbied, te bewerkstellig.

Volgens prof Glad is dié doel bereik. Meeste Britse akademici wil graag toenemend betrokke raak by Suid-Afrikaanse akademiese instellings.

Prof Glad het verskeie uitnodigings ontvang om artikels en navorsingsverslae vir Britse joernale voor te lê.



*Prof Ernest Glad, "maatskappydokter" van formaat*

# Grondwetlike alternatiewe bespreek

Prof Anton du Plessis van die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek het vanaf 20 tot 22 Maart 1991 as lid van 'n groep afgevaardigdes uit die RSA 'n konferensie in Leicester in die Verenigde Koninkryk bygewoon.

Die konferensie is deur die *Centre for Federal Studies* van die *Leicester University* gereël in samewerking met die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede.

Die fokuspunt van die konferensie was die politieke en sosio-ekonomiese problematiek van Suid-Afrika, met spesifieke verwysing na grondwetlike alternatiewe en die hantering van die oorgang na 'n toekomstige bedeling.

Die deelnemers aan die konferensie het tien Suid-Afrikaanse en nege Britse akademici en vyf verteenwoordigers van Suid-Afrikaanse navorsingsinstitute ingesluit.

Die konferensie is bygewoon deur diplomatieke personeel, nagraadse studente en lede van belangegroepe uit die privaat, kerk- en kultuursektore.

Prof Du Plessis het tydens die konferensie 'n referaat getiteld *The current constitutional debate* gelewer. Die sentrale tema van sy referaat was dat gesprekvoering in die pre-onderhandelingsfase eerder die vorm van 'n debat aanneem as wat dit werklike onderhandelinge is.

Hy het daarop gewys dat hierdie debat 'n belangrike voorloper van onderhandeling is, omdat dit partye toelaat om hulself te posisioneer, die agenda te bepaal, sekere voorskriftelike bloudrukke te verwerp en om die beginsel van maksimum konsensus te handhaaf.




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Privatisering : 'n hedendaagse tendens

Dr Petrus Brynard van die Departement Publieke Administrasie het tydens 'n internasionale konferensie by die Universiteit van Bath in die Verenigde Koninkryk die Suid-Afrikaanse model van privatisering voorgehou.

Tydens hierdie weeklange konferensie oor privatisering is talle modelle van privatisering, insluitend die Suid-Afrikaanse model, bekyk. Dr Brynard het na die konferensie verskeie universiteite in die Verenigde Koninkryk, onder meer *Oxford, Cambridge, Durham, Birmingham* en die *London University* besoek. Hy het ook met private instansies soos die *Adam Smith Institute, Ernst & Young, Coopers & Leybrand, The Next Step Team* en die *Price Waterhouse Group* kontak gemaak. Hierdie instansies is almal op 'n manier by konsultasie en navorsing oor privatisering betrokke.



*Dr Petrus Brynard - 'n kundige op die gebied van privatisering*

Die gedagte van privatisering het eintlik by die *Adam Smith Institute* begin. Dié Navorsingsinstituut het nie net al heelwat navorsing oor privatisering gedoen nie, maar hulle het heelwat insette gelewer in die advies aan die voormalige Britse Eerste Minister, mev Margaret Thatcher, met die aanvanklike implementering van privatisering in die Verenigde Koninkryk.

Sedertdien het privatisering wêreldwyd inslag gevind. Die instansies wat dr Brynard besoek het, doen almal tans op 'n internasionale grondslag navorsing en adviseer ook verskillende state wêreldwyd oor privatisering.

Gedurende Augustus 1991 het dr Brynard ook 'n referaat by die Internasionale Werkstudie Seminaar in die Lepepe-Nwanedi Reservaat in Venda gelewer. Die tema van die referaat was *Privatization and Deregulation as part of the Economic Reform Programme: Can these be a workable combination?*

Dr Brynard was die enigste referent van 'n Suid-Afrikaanse universiteit wat genooi is om 'n bydrae oor privatisering en deregulering te lewer.

# Europese studiereis

Prof André de Villiers van die Departement Bedryfsekonomie het tydens sy onlangse studiereis na Europa en Engeland 'n aantal universiteite, sakeskole en instansies besoek wat betrokke is by navorsing en opleiding vir tegnologiese vooruitgang en innovasie.

"Kunsmatige grense wat dikwels in die akademie geskep word, is nie in die sakewêreld van toepassing nie. 'n Toenemend belangrike veld soos tegnologiebestuur noodsaak insette van verskeie vakterreine," sê prof De Villiers.

Tegnologiebestuur het te doen met die wyse waarop 'n onderneming tegnologie as hulpbron gebruik vir ontwikkeling van nuwe produkte en prosesse of innovasie. Dit is moeilik om te bepaal wanneer daar op die terrein van ekonomie, bedryfsekonomie, menslike gedrag, ingenieurswese of natuurwetenskappe beweeg word. Die begrip "multidissiplinêre benadering" kry eers gestalte wanneer 'n mens besef dat suksesvolle tegnologiese innovasie wyduiteenlopende insette noodsaak.

Prof De Villiers wys daarop dat sommige instansies, soos die *University of Manchester Institute for Science and Technology* (UMIST) voorsiening maak vir 'n nuwe ondernemingsgroep ("new venture group") wat die Universiteit se navorsings- en ontwikkelingsresultate probeer kommersialiseer en bemarkingsdienste aan klein hoëtegnologie-ondernemings lewer.

# UP deel in projek

Prof Adré Boshoff van die Departement Bestuurswese het in Julie 'n kongres met die tema *Internationalizing entrepreneurship: Teaching and Research* by *Cambridge University* in Engeland bygewoon waar brandpunte op die gebied van entrepreneurskap bespreek is.

Prof Boshoff het as lid van 'n studiegroep, wat ondersoek na navorsingsrigtings oor entrepreneurskap ingestel het, aan die bespreking deelgeneem. Daar is onder meer besluit dat 'n internasionale navorsingsprojek oor die gebiede waarop navorsing in entrepreneurskap gedoen behoort te word, van stapel gestuur moet word.

Die projek sal deur 'n groep akademici uit vyf lande onder leiding van prof Micheal Hudson, Senior Professor van *Cornell University*, gedoen word. Prof Boshoff is lid van dié navorsingsgroep.


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Bestuursopleiding hou tred met behoeftes

Benewens die Nagraadse Bestuurskool se primêre taak om die MBA-graadkursus aan te bied, word navorsing ook deur personeel en ingeskrewe DBA-studente geïnisieer en bestuur. Die Bestuurskool het ook 'n dinamiese gemeenskapstaak - meer as 'n duisend kortkursusgangers word jaarliks hier opgelei.

Sekere kursusse word spesiaal aangepas vir korporatiewe kliënte. Van die bekendste kliënte wat die Bestuurskool op dié manier bedien, is Middelburg Steel and Alloys, Southern Sun, Volkskas, Nedbank, Eskom, Landboubeheerrade en die SABS. Nuwe kursusse word deurlopend in ooreenstemming met veranderende bestuurs- en bestuursopleidingsbehoeftes ontwikkel.


Die volgende kursusse is vanjaar vir die eerste keer in die Nagraadse Bestuurskool aangebied:

## Management Programme

'n Nuwe bestuursopleidingsprogram wat van stapel gestuur is, is die *Management Programme* - 'n kursus wat gemik is op derdevlakbestuurders, toesighouers en voormanne. Dié program word in Engels aangebied. Die doel van die kursus is om sakeleiers vir Suid-Afrika op te lei. Die kursus word op die teikengehoor afgestem. Daar bestaan nie 'n beperking ten opsigte van akademiese kwalifikasies nie, maar 'n mate van ervaring as voorman en/of toesighouer word vereis. Modules is kort sodat kursusgangers nie te lank van hul werk af hoef te bly nie.

## Bemarking

'n Weeklange kursus in Bemarkingsbestuur is gerig op mense wat bemarkingsposte beklee of wat hul eie besighede bedryf en meer van bemarking wil weet. Die hoofdoel van die kursus is om kursusgangers in staat te stel om 'n bemarkingstrategie vir hul organisasie te kan ontwikkel en om bemarkingsvoorstelle krities te kan evalueer. Spesialisonderwerpe soos persoonlike verkope en die saamstel van advertensies en spesiale promosies, word ook behandel. Die klem val op praktiese toepassing.



*'n Groep kortkursusgangers wat vanjaar die Senior Bestuursprogram aan die Nagraadse Bestuurskool voltooi het*

## Finansiële bestuur vir nie-finansiële bestuurders

Elke bestuursbesluit het in wese finansiële implikasies. Die meeste nie-finansiële bestuurders neem daagliks besluite oor finansiële aspekte, maar is nie vertroud met die terminologie, die onderliggende filosofieë of die tegnieke wat in finansiële besluitneming gebruik word nie. Die doel van die kursus is om hierdie leemte te vul. Dié weeklange kursus word twee keer 'n jaar aangebied.

## Begrotings met Lotus en gevorderde Lotus

Die doel van hierdie kursusreeks is om kursusgangers vertroud te maak met Lotus 1-2-3 en die gebruik daarvan in die begrotingsproses. Gebruikers van Lotus 1-2-3 word ook opgelei in die gebruik van macros, sodat hulle gevorderde en gesofistikeerde begrotingsmodelle kan ontwikkel. Die kursus sluit aan by die moderne benadering in ondernemings om van gesofistikeerde beplanning gebruik te maak. Slegs 'n klein groep studente word gekeur ten einde individuele aandag te verseker.

## Gevorderde projekbestuur

Die kursus is spesiaal ontwikkel vir professionele mense en bestuurders wat direk of indirek by projekbestuur betrokke is. Die kursus, wat vanjaar herontwikkel is, word in Engels aangebied deur onder andere prof Harold Kerzner van *Baldwin-Wallis College*, Ohio in die VSA. Die afstandonderrigmetode word gevolg. Lesings word in Pretoria, Durban en Kaapstad aangebied. Basiese ondervinding in 'n projekomgewing word as toelatingsvereiste gestel.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

### Strategiese produksie- en operasionele bestuur

Die doel van die kursus is om die beginsels van strategiese produksie- en operasionele bestuur by senior- en middelbestuurders tuis te bring, veral diegene wat by algemene bemarkings- of operasionele bestuur betrokke is. Toelating word gebaseer op die aansoeker se ervaring en verantwoordelikheidsvlak. Daar word indringend gekyk na kliënte-vereistes vir kwaliteit, koste, leityd, aanpasbaarheid, verskeidenheid en dienslewering. Dié kursus word ook slegs in Engels aangebied en is op 'n modulebasis gebaseer.

### Ander bestaande kursusse

Die volgende gevestigde bestuurskursusse word ook deur die Nagraadse Bestuurskool aangebied:

- Senior Bestuursprogram
- Bestuursontwikkelingsprogram
- Gevorderde Finansiële Bestuursprogram
- *Women as Executives*

Vir meer besonderhede oor enige van die genoemde kursusse, skakel mev Annemarie Snyders by (012) 420-3380.

# Bevordering van tegnologiese innovasie

Die Studiegroep vir Tegnologiese Innovasie en Bedryfstrategie (SG-TIBS) is 'n informele gesprekforum vir persone binne en buite die Universiteit wat belangstel om tegnologie en die bestuur daarvan te bespreek. Dié studiegroep is in 1988 gestig en kom gereeld bymekaar.

Tydens 'n onlangse byeenkoms het prof André de Villiers van die Departement Bedryfsekonomie, 'n stigterslid van SG-TIBS, enkele aspekte van tegnologie en instellings wat hy oorsee besoek het, bespreek.

Hy het gewys op samewerking tussen instansies in die buiteland wat betrokke is by tegnologiese opleiding en tegnologiese oordrag. In teenstelling met Suid-Afrika is nywerheidskamers oorsee aktief betrokke by vele tegnologiebevorderingsaksies.

Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Ingenieurs se Tegnologie Top 100 maatskappy-toekennings was ook 'n besprekingspunt op die agenda en die Regering se nuwe tegnologiebeleidsdokument is van naderby bekyk.

SG-TIBS het verlede jaar 'n suksesvolle vier dae lange kursus in tegnologiebestuur aangebied.

Deelname van individue wat belangstel in die breë, maar baie interessante veld van tegnologiebestuur en innovasie, is welkom.

*Vir inligting oor en bywoning van SG-TIBS-byeenkomste:*

Skakel prof Gideon de Wet van die Leerstoel in Ingenieursbestuur by (012) 43-6218 of prof André de Villiers van die Departement Bedryfsekonomie by (012) 420-3398.


# Gevorderde kursus nou ingestel

Kursusgangers wat die basiese kursus in Arbeidsverhoudinge van die Departement Personeelbestuur oor die afgelope vyf jaar voltooi het, het 'n behoefte aan gevorderde opleiding uitgespreek. Die Departement het gereageer op hul versoek en bied vanaf vanjaar 'n Gevorderde kursus in Arbeidsverhoudinge aan.

Die kursus strek oor 15 maande en geskied hoofsaaklik op 'n tuisstudiebasis. Studiemateriaal en studiehandleidings word aan kandidate versend en taakopdragte word tuis afgehandel. Die opdragte dien as agtergrondkennis vir die praktiese toepassing van onderwerpe wat gedurende die kampusonderrigperiodes van die kursus bespreek word.

Vir meer inligting oor die kursus, kontak mev Therése Bron by telefoonnommer (012) 420-3108.

Die Departement Personeelbestuur bied ook verskeie ander buitekursusse in die veld van menslike hulpbronnebestuur aan. Vir meer inligting hieroor kan prof Hein Brand by telefoonnommer (012) 420-3433 geskakel word.



*"Hierdie kursus is eiesoortig omdat dit die praktiese probleme in Arbeidsverhoudinge in die tydperk van hervorming aanspreek." — Mnr Mof Lemmer, buitengewone dosent in Arbeidsverhoudinge*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Oud-Tukkie verteenwoordig SA in Moskou

Dr Gerrit Olivier, oudstudent en -dosent aan die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek, is onlangs as Suid-Afrika se eerste verteenwoordiger in Moskou aangestel. Die RSA het sedert 1956 geen diplomatieke betrekkinge met die USSR gehad nie.

Dr Olivier het al sy grade in Staatsleer en Internasionale Politiek aan die Universiteit van Pretoria behaal. Hy was vir ongeveer 14 jaar as dosent aan die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek verbonde. In 1967 is hy as Senior Lektor aangestel, 'n pos wat hy tot 1970 beklee. Daarna is hy vir twee jaar as Voorsitter aan RAU se Departement Staatsleer verbonde. In 1973 is hy terug by UP, dié keer as Professor by die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek. Hy beklee die pos tot in 1984.



*Dr Gerrit Olivier, Suid-Afrika se eerste diplomatieke verteenwoordiger in Moskou*

Gedurende die tydperk tree dr Olivier op as outeur, medeouteur en redakteur van verskeie vakkundige publikasies. Een van sy boeke, *Die Buitelandse Beleid van Suid-Afrika*, is 'n gesaghebbende bron wat steeds by verskeie universiteite gebruik word. Vanaf 1974 tot 1982 tree hy ook op as die eerste redakteur van die vaktydskrif *Politikon* en vanaf 1981 tot 1983 ook as die President van die Suid-Afrikaanse Staatkunde Vereniging. Hy dien op verskeie advieskomitees, waaronder die RGN se Advieskomitee vir Staatsleer, en tree op as eksterne eksaminator vir nagraadse studente.

In 1983 het die Universiteit van Pretoria dr Olivier na die Departement Buitelandse Sake gesekondeer - die begin van sy verbintenis en loopbaan by dié Departement. In 1986 het hy as Direkteur die verantwoordelikheid van verskeie beeldbouprogramme aanvaar en in 1988 word hy bevorder tot Hoofdirekteur: Kommunikasie en Beplanning. Die suksesse wat hy in dié hoedanigheid behaal het, word vandag weerspieël in Suid-Afrika se verbeterde buitelandse verhoudinge.

# Benut die geleentheid

Aandag, alle oudstudente van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe - moet nie dié kans laat verbygaan om weer betrokke te raak by u Fakulteit nie.

Skakel net (012) 420-3328. Mev Adri van der Merwe, Senior Skakelbeampte van die Fakulteit, sal u meer vertel van die voordele wat dié betrokkenheid vir u inhou.

Maak so seker dat u naam en adres op die Fakulteit se oudstudenteregister geplaas word en dat u onder meer *Communiké* in die toekoms persoonlik sal ontvang. Stel asseblief die Fakulteit ook só in kennis van adresveranderings.

## Herdenk 'n besonderse jaar met dié reklame-items




*Tasbare herinnerings aan 1990 se herdenkingsjaar is nou beskikbaar. Oudstudente wat daarin belangstel om enige van die items te bekom, kan mev Adri van der Merwe, Skakelbeampte van die Fakulteit, by (012) 420-3328 skakel. Die muurbord is 'n versamelaarsitem. Slegs 135 genommerde borde is beskikbaar*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Hulde aan professor F R Tomlinson

Prof Frederick Tomlinson wat op 25 Februarie 1991 oorlede is, het as landbou-ekonoom 'n baie belangrike rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie gespeel. Hy het 'n lang en trotse verbintenis met die Universiteit van Pretoria, in besonder die Departement Landbou-ekonomie, gehad.

Prof Tomlinson het in 1937 die graad DSc(Agric) aan die Universiteit van Pretoria behaal. Sy beroepsverbintenis met die Universiteit het in 1939 begin toe hy as Professor in en Hoof van die Departement Landbou-ekonomie aangestel is. Nadat hy in 1955 aangestel is as Direkteur van die Transvaalstreek van die Departement Landbou, was hy steeds as medeprofessor verbonde aan die Departement Landbou-ekonomie. Hierdie verbintenis het voortgeduur tot met sy aftrede in 1973. Hy was ook lid van die Universiteitsraad.

Prof Tomlinson het ongeveer 65 wetenskaplike artikels of hoofstukke gepubliseer, hy was promotor of medepromotor vir 23 doktorandi en leier of medeleier vir 18 magistergraduandi. Hy het oor 'n breë veld navorsing gedoen, onder meer oor die makro-aspekte van handel en prysbewegings, mikrobestuur van boerderye en die mikro- en makro-aspekte van beleid. Hy was deurgaans bewus van die interaksie tussen die mikro- en makro-ekonomie en die verband tussen ekonomiese, politieke, sosiale en biologies/tegniese verskynsels.

Prof Tomlinson was lid van minstens twaalf kommissies of komitees van ondersoek. Die bekendstes was die waarvan hy as Voorsitter opgetree het, naamlik die Kommissie van Ondersoek na die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika (1955); die Kommissie oor Kleinhoewes (1957) en die Interdepartementele Studiekomitee oor die gebruik van Landbougrond (1968). Daar word vandag algemeen erken dat die besluit van die destydse regering om die belangrikste aanbevelings van die 1955-Kommissie te verwerp, sosio-ekonomiese ontwikkeling in die "tuislande" ernstig gestrem het.

Eerbewyse en toekennings sluit in eredoktorsgrade van die universiteite van Pretoria, Oranje-Vrystaat en Stellenbosch. Benewens die Havengaprys vir Ekonomie wat in 1957 deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken is, is hy ook deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Landbouvoorligting en die Landbou-ekonomie Vereniging van Suider-Afrika vereer. In 1985 het die Staatspresident die Orde vir Voortreflike Diens (Klas 1 : Goud) aan hom oorhandig.

# Dames staan hul man

Die geoktrooieerde rekenmeestersprofessie is tradisioneel as 'n manswêreld beskou. Die aantal dames in dié professie het egter vanaf 1981 tot en met 1987 met 205 persent toegeneem, terwyl die mans slegs met 20 persent in die ooreenstemmende tyd gegroei het.

Hoewel geen amptelike statistieke sedert 1987 beskikbaar is nie, is dit duidelik dat die neiging voortduur. Die aantal dames wat as vennote by Suid-Afrikaanse ouditeursfirmas praktiseer, neem tans merkbaar toe. In die handel en nywerheid speel dames 'n groot rol, maar dit is veral in die op voornemende geoktrooieerde rekenmeesters wat GR-dames uitblink.

Daar is tans ses damesprofessore by Suid-Afrikaanse universiteite wat betrokke is by rekenmeestersopleiding. Een van hulle is prof Elmarie Sadler, 'n oudstudent van die Fakulteit. Sy is tans 'n Professor in Rekenaarouditkunde by Unisa. Prof Sadler het in 1977 die graad BCom(Rek)(Hons) en STR aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Na afloop daarvan het sy haar klerkskap by KPMG Aiken Peat gedoen. In 1982 het sy as Senior Lektor by Unisa aangesluit, waarna sy in 1986 tot Professor bevorder is. Prof Sadler het haar doktorsgraad met die titel *The Profile and Career prospects of Female Chartered Accountants in South Africa* gedurende 1988 voltooi.

Benewens die toename in die aantal dames wat as GR's praktiseer, het prof Sadler ook bevind dat 80 persent van alle GR-dames jonger as 35 jaar is; dat slegs 'n derde van hulle ongetroud is en dat baie verder spesialiseer, veral in rigtings soos belasting en rekenaarouditering.



*'n Oudstudent, prof Elmarie Sadler, se navorsing het getoon dat die aantal dames wat tot die GR-professie toetree, sedert 1981 beduidend toegeneem het*



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Wen is nie alles nie...

Mnr Willie Odendaal, 'n oud BCom(Bemarkingsbestuur)-student van die Fakulteit en Distriksverkoopbestuurder van SAB se bierdivisie in Noord-Transvaal, is as 1991 se top verkoopbestuurder in Suid-Afrika aangewys.

Mnr Odendaal skryf sy sukses toe aan sy liefde vir verkope en mense asook sy strewe na sukses. "Om te wen is nie alles nie, maar die wil om te wen is," sê hy.

In 'n strawwe kompetisie, aangebied deur *Holiday Inn*, *The Extra Mile Company* en die publikasie *Successful Salesmanship* het mnr Odendaal beïndruk as 'n gebore motiveerder, spanmens, korporatiewe persoon, leier, spaninspireerder en bestuurder by uitnemendheid.

Mnr Odendaal is sedert 1979 aan SAB verbonde en het reeds verskeie toekennings ontvang. In 1985, 1986 en 1987 is hy aangewys as Verkoopsman van die Jaar. Hy en sy span het ook in 1988, 1989 en 1990 toekennings as die topverkoopspan ontvang. Tans bestuur hy vier verkoopbestuurders, 14 verkoopverteenwoordigers en sewe ondersteunende personeel. In 1990 het sy distrik 104 persent van hul gestelde teiken behaal.

In 'n artikel in die Junie-uitgawe van *Successful Salesmanship* verduidelik hy sy suksesresep. Hy glo daarin om sy spanlede te ontwikkel. 'n Graad, sê hy, is nie noodwendig 'n voorvereiste nie, maar hy voeg by dat akademiese opleiding 'n mens blootstel aan die basiese beginsels van 'n onderneming en konseptuele denke.

Hy handhaaf 'n doelwitbestuurbenadering en glo dat mense moet weet waarna om te streef. Hy en elke individuele lid van 'n span stel nie net vir hulself doelwitte nie, maar ook vir die span. Onderlinge mededinging word op elke vlak aangemoedig.

Mnr Odendaal is baie beslis dat verbruikersdiens tweede natuur by enige verkoopsaksie moet wees. "... anders bedrieg jy jouself," sê hy. "Dit mag soms teenstrydig wees met finansiële beginsels, maar 'n gebore verkoopverteenwoordiger voel hoe die verbruikers voel. As 'n verbruiker dringend jou produk in die hande moet kry, mag dit dalk nie finansieel sin maak om dit af te lewer nie, maar dit maak definitief verkoopsin."



*Mnr Willie Odendaal (regs voor) en mnr Mohamed Mia (links voor) het rede om só breed te glimlag. Hulle is onderskeidelik as 1991 se top verkoopbestuurder en verkoopverteenwoordiger: Bedryf (Dienste) aangewys. By hulle is mnr Chris de Kock (links agter), Besturende Direkteur: Holiday Inn, me Joan Wright, Besturende Direkteur: Successful Salesmanship en mnr Eugene de Villiers (regs agter), Besturende Direkteur: The Extra Mile Company*

# Bydrae tot opleiding

Dr Johan van den Heever, Hoof van die afdeling Geld- en Bankwese van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, bied jaarliks 'n aantal klasse in modelbou vir studente in Ekonometrie aan. Sy betrokkenheid by die Departement Ekonomie is egter nie beperk tot sy kundigheid nie. Hy was ook as student en later dosent aan die Departement verbonde.

'n Gebore Pretorianer, studeer hy aan die Universiteit van Pretoria. In 1980 is hy as Junior Lektor in die Departement Ekonomie aangestel. Gedurende 1982 behaal hy die graad MCom(Ekonomie) met 'n verhandeling getiteld *'n Korttermyn-ekonometriese model van die Suid-Afrikaanse goudmynbousektor*. Kort daarna word hy tot Senior Lektor bevorder.

In 1988 verwerf hy die graad DCom(Ekonomie) met 'n proefskrif getiteld *Die kwantifisering van beleidsopsies met betrekking tot die makro-ekonomiese stabiliseringsvraagstuk in Suid-Afrika*. Hy het 'n ekonometriese model ontwikkel wat gekwantifiseerde antwoorde vir verskillende ekonomiese beleide gee. Die Ekonometriese Vereniging van Suid-Afrika het die Stigtersmedalje aan hom toegeken vir dié uitmuntende studie.

Bemarkingsbestuur se een-en-twintigste bestaansjaar word vanjaar tydens die EBI-gala-aand in November gevier. 'n Groot herdenkingsjaar word vir 1995 beplan wanneer Bemarkingsbestuuropleiding aan UP 'n kwarteeu oud sal wees.

Alle oudstudente in Bemarkingsbestuur word versoek om mev Adri van der Merwe, Senior Skakelbeampte van die Fakulteit, by (012) 420-3328 te skakel, sodat hul name en adresse op die oudstudente-adreslys, veral ook met die oog op die kwarteeuviering, geplaas kan word.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Universiteit van Pretoria
NAVORSING

# Inligtingstegnologie: Die redding van die SA Ekonomie?

Inligtingstegnologie word allerweë beskou as 'n onontbeerlike komponent van die moderne ekonomiese samelewing. Indien dit reg aangewend word, kan dit die dryfkrag van die Suid-Afrikaanse ekonomie word en die land van 'n plek in die wêreldarena verseker.

Dit was een van die gevolgtrekkings van 'n omvattende ondersoek na die opleiding van rekenaarkundiges en -geletterdes deur die Raad vir Geesteswetenskaplikes (RGN) vir die Nasionale Opleidingsraad, in opdrag van die Kommissie vir Administrasie.

Prof Dewald Roode, Hoof van die Departement Informatika van die Universiteit van Pretoria, het as Voorsitter van die werkkomitee opgetree. Die werkkomitee van 29 kundiges, wat alle vertakkings van die rekenaarbedryf verteenwoordig het, het gebruik gemaak van 'n navorsingspan van ses lede. Vier van hulle is personeel van die Departement Informatika. Prof Niek du Plooy, mev Madelise Grobler, mnr Otto Pretorius en twee ander navorsers van die RGN het saam met prof Roode in Maart 1990 die navorsingswerk aangepak en dit vroeg in 1991 voltooi.

Die hoofdoel van die ondersoek was aanvanklik om die aanbod van rekenaarkundiges en -geletterdes te verhoog. Dit het egter gou geblyk dat dit nie sinvol sou wees om die aanbod van sulke persone te verhoog sonder om met die konjunktuur tred te hou nie. Terselfdertyd moet inligtingstegnologie gesien word as 'n tegnologie wat werkskepping in die hand kan werk.

Inligtingstegnologie is 'n versamelnaam vir alle tegnologie wat te doen het met die versameling, berging, verwerking en verspreiding van inligting in enige vorm. Dit strek dus veel wyer as net rekenaars, hoewel rekenaars en rekenaartegnologie met reg die hart daarvan genoem kan word.

Die rekenaar en inligtingstegnologie is onlosmaaklik deel van baie ondernemings en stel hulle in staat om ekonomiese aktiwiteitsvlakke te handhaaf wat nie sonder inligtingstegnologie moontlik sou wees nie. Dit veroorsaak weer ander ekonomiese aktiwiteite, wat werkskepping moontlik maak.

In die nuwe wêreldorde kan verwag word dat Suid-Afrika se handelsvennootskappe steeds verder sal uitkring. Om kompeterend te bly, sal Suid-Afrika die hoogste moontlike produktiwiteitsvlak moet handhaaf en die koste-effektiwiteit van alle ekonomiese aktiwiteite doelbewus probeer optimaliseer. Daarbenewens sal die toenemende gebruik van elektroniese dokumentwisseling ("EDI") die basis vorm vir toekomstige buitelandse en binnelandse handel.

Inligtingstegnologie gaan dus ongetwyfeld 'n toenemende belangrike rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie speel, wat 'n toenemende behoefte aan rekenaargeletterdheid van die totale bevolking sal meebring.

Die ondersoek het die vraag na voldoende opgeleide mannekrag vir die rekenaarbedryf in Suid-Afrika en voldoende kundige rekenaargebruikers benader met die ontwikkeling van 'n strategie. Dié strategie het onder meer ten doel om deur middel van doelmatige aanwending van inligtingstegnologie 'n toepaslike bydrae tot produktiwiteitsverhoging en die sosio-ekonomiese groei van Suid-Afrika te lewer.

Die strategie bestaan uit vyf komponente ondersteun deur gedetailleerde aksieplanne.

Die komponente is:

- Die breë bevolking moet bewus gemaak word van die belangrikheid, plek, nut en aanwending van inligtingstegnologie in die hedendaagse en toekomstige samelewing.
- 'n Program moet geloods word om inligtingstegnologie as opleidingshulpmiddel in formele en nie-formele onderwys (mannekragopleiding ingesluit) aan te wend.
- Teen die jaar 2000 moet alle skoolverlaters vanaf standerd sewe oor 'n funksionele rekenaargeletterdheid beskik.
- Die onderskeie opleidingsinstansies moet doeltreffend en sinergisties saamwerk ten einde in die behoefte aan rekenaarkundiges en -geletterdes te voorsien.
- 'n Alliansie tussen die openbare sektor, opleidingsinstansies en die rekenaarbedryf as vennote moet bewerkstellig word om:

  * die doelmatige en koste-effektiewe aanwending van inligtingstegnologie in 'n ontwikkelende land te bevorder;
  * die leierskap van Suid-Afrika op die gebied van die aanwending van inligtingstegnologie binne die Afrika-konteks te handhaaf en
  * Suid-Afrika teen die jaar 2000 'n wenland op die gebied van inligtingstegnologie te maak.

Die volledige verslag is in Augustus aan die Minister van Mannekrag oorhandig wat kommentaar oor die aanbevelings van die werkkomitee in die Staatskoerant aangevra het. Op aanbeveling van die werkkomitee sal die Departement van Mannekrag daarna 'n Kabinetsmemorandum opstel waarin beginselgoedkeuring gevra word vir die aanbevole strategie en aksieplanne. Hieruit sal 'n Witskrif voortvloei om die taakgroepe vir die uitvoering van die voorgestelde aksieplanne te aktiveer.

Volgens prof Roode sal die effektiewe implementering van dié strategie Suid-Afrika in staat stel om die uitdagings van die moderne inligtingsamelewing met vrymoedigheid te aanvaar.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Ondersoek onderstreep kundigheid

Die ondersoek na die bemarking van varsprodukte in Suid-Afrika is onlangs onder leiding van prof Sieg Marx, Dekaan, afgehandel. Hierdie ondersoek is in 1989 op versoek van die destydse Minister van Landbou-ekonomie en Bemarking begin.

Op 24 Julie het prof Sieg Marx die hoofverslag aan die Minister van Landbou, Dr Kraai van Niekerk, oorhandig. Die bevindinge en aanbevelings van die ondersoek is op 21 en 22 Augustus tydens 'n nasionale inligtingskonferensie by die RGN bekendgemaak.

Prof Marx het ten nouste met die RGN saamgewerk. Benewens die feit dat die RGN as koepelliggaam gedien het en die infrastruktuur vir die ondersoek voorsien het, is prof Marx ook vir 'n jaar na die RGN gesekondeer.


Die hoofkomitee en tien werkkomitees het uit 85 lede bestaan waarvan 15 UP-akademici was. Die komitees het onder leiding van prof Marx in sy hoedanigheid as navorsingsdirekteur gewerk.

Met hierdie ondersoek het prof Marx en die ander UP-akademici weer eens bewys dat die Universiteit van Pretoria kan spog met die uitnemende kundigheid van sy personeel.

Dit word bevestig wanneer in ag geneem word dat vyf van die tien navorsingskemas aan departemente en buro's van UP toegeken is. In elke geval het die kundigheid, beskikbaarheid van navorsingsondersteuningsdienste en wetenskaplike meriete van die navorsingsontwerp die deurslag gegee by hierdie toekennings. In totaal is 23 navorsingstenders vir die tien temas ontvang.

Wat die ondersoek self betref, sê prof Marx dat hierdie studie 'n nuwe navorsingsveld ontsluit het. Dit word egter beklemtoon dat die vinnige implementering van die praktiese en uitvoerbare aanbevelings nou belangrik is.

Prof Marx en die ander UP-akademici het met hierdie ondersoek nie net aan die missie van die Fakulteit en die Universiteit beslag gegee nie, maar het ook weer opnuut die vennootskap met die openbare sektor en ander belangegroepe bevestig.




*'n Varsprodukte-stalletjie in Frankryk: Prof Sieg Marx het verskeie Amerikaanse en Europese lande besoek as deel van die ondersoek na die bemarking van varsprodukte in Suid-Afrika*

# Kenner ontwikkel groeikromme-model

Die akkurate vooruitberaming van kinders se volwasse lengte is van groot waarde vir medici, aangesien dit hulle in staat stel om betyds op te tree om groei te versnel of te vertraag deur middel van hormoonbehandeling, waar nodig.

Prof Stephen du Toit van die Departement Statistiek het homself reeds as 'n kenner op die gebied van modelle vir die voorspelling van groei onderskei. Hy doen reeds sedert 1990 navorsing oor *The Prediction of Human Growth.*

Dié model vir die voorspelling van groei, wat in samewerking met die *Chicago University* ontwikkel is, is al so verfyn dat akkurate vooruitberamings van 'n kind se volwasse lengte gemaak kan word, selfs al is die kind nog jonk en slegs 'n paar lengtemetings beskikbaar. Dit is gewoonlik nie moontlik om akkurate vooruitberamings te maak met slegs enkele metings nie, maar dié spesifieke model maak van vooraf-inligting gebruik, wat sinvolle voorspellings binne die navorser se bereik plaas.

Prof Du Toit het gedurende Junie 1991 die gesamentlike konferensie van die Amerikaanse Klassifikasie en Psigometriese verenigings in New Brunswick, New Jersey bygewoon. Hy het op uitnodiging 'n bydrae gelewer oor die akkuraatheid van numeriese integrasie vir die ontleding van groeikrommemodelle, in 'n spesifieke sessie getiteld *Recent Developments in the prediction of growth*.

Statistiese modelle vir die analise van verandering oor tyd geniet tans baie aandag in die buiteland. 'n Boek getiteld *Best methods for the analysis of change*, wat 'n hoofstuk oor prof Du Toit se bydraes bevat, word vanjaar uitgereik.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# BFA op kommersiële mark gerig

**Die Buro vir Finansiële Analise (BFA) is die navorsingsarm van die Departement Bestuurswese. 'n Projek is vanjaar geloods om die finansiële data waaroor die BFA beskik, op 'n kommersiële grondslag aan die sakesektor beskikbaar te stel.**

Die Universiteit van Pretoria het 24 jaar gelede die BFA gestig met die doel om:

- navorsing oor die ontwikkeling en toepassing van moderne bestuurstegnieke te doen;
- 'n daadwerklike bydrae tot die verbetering van die bestuurspeil van veral die kleinsakeonderneming in die RSA te lewer en
- kontraknavorsing en ondersoeke teen vergoeding te onderneem.

Wyduiteenlopende navorsing is die afgelope 24 jaar deur die BFA onderneem. Tog kan twee kategorieë uitgesonder word. Die eerste is dié van bedryfsvergelykende studies. Die BFA het al 39 ondersoeke in 19 bedryfstakke of professies voltooi.

Die tweede kategorie is die vestiging van verskeie databanke waarvan dié in verband met genoteerde maatskappye op die Johannesburgse Effektebeurs se finansiële inligting en beurspryse die belangrikste is.

Daar is 'n groot behoefte in die sakesektor aan die finansiële inligting wat in die BFA se databanke beskikbaar is. Daarom kan dié inligting as die BFA se "produkte" gesien word. Die program wat vanjaar geloods is, is daarop gemik om hierdie "produkte" te bemark.


Die doel van die bemarking is eerstens om die groot hoeveelheid verwerkte finansiële data, wat in die verlede grootliks ongebruik in die databanke geberg is, na die verbruikers te bring. Tweedens sal die kommersialisering van dié belangrike bate ook fondse genereer vir die finansiering van ander basiese navorsing deur die BFA. Sodoende realiseer die Universiteit van Pretoria sy strewe tot gemeenskapsdiens.

Die beskikbaarstelling en bemarking van hierdie databank aan die groot aantal potensiële verbruikers noodsaak elektroniese oordrag van inligting. 'n Ooreenkoms om die bemarking namens die BFA te onderneem en die gerekenariseerde stelsel in stand te hou, is met *Progressive Systems College* gesluit. 'n Onderneming, *Insight Software*, is gestig om hierdie taak uit te voer. Die handelsmerk *BFA-NET* word vir hierdie produk gebruik. Die BFA verdien dan sy inkomste as 'n persentasie van die omset van hierdie maatskappy.

Die verbruiker verkry die reg om al die inligting permanent na sy mikrorekenaar oor te plaas en weekliks elektronies op te dateer. Die programmatuur, wat saam met die stelsel bemark word, stel die verbruiker in staat om die inligting op 'n feitlik onbeperkte aantal maniere volgens sy keuse te verwerk.

Potensiële verbruikers van die stelsel sluit in aandelemakelaars, versekeringsmaatskappye, pensioenfondse, finansiële tydskrifte en meeste van die groot genoteerde maatskappye.

Deurlopende toepassings sal by die stelsel gevoeg word om die aanwending van die databank vir die verbruiker in die praktyk nog meer aantreklik te maak. Meer wetenskaplike, finansiële en beleggingsbesluitneming sal noodwendig 'n gevolg van hierdie poging van die BFA wees.



*Prof Leon Brümmer, Waarnemende Direkteur van die Buro vir Finansiële Analise (BFA)*

# 'n Navorser van formaat

Dr Edwin Basson, 'n oudstudent en -dosent van die Departement Ekonomie, is in Julie vanjaar as die Hoof van Ekonomiese Navorsing by die Kleinsake Ontwikkelingskorporasie (KSOK) aangestel, nadat hy dié departement daar gevestig het.

Dr Basson het homself reeds bewys as 'n navorser van formaat. In 1985 het hy 'n MCom(Ekonomie)-graad by die Randse Afrikaanse Universiteit behaal. Sy verhandeling, getiteld *Struktuurinflasie in Suid-Afrika*, is bekroon met die medalje vir die bevordering van die wetenskap deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Dr Basson was vanaf 1987 tot Junie 1990 as Senior Lektor aan Tukkies se Departement Ekonomie verbonde. Gedurende die tydperk was hy veral betrokke by navorsing wat deur die Buro vir Ekonomiese en Politieke Analise (BEPA) onderneem is.

Tydens UP se Lentepromosieplegtigheid vanjaar het hy die DCom(Ekonomie)-graad ontvang. Sy proefskrif, getiteld *Die dinamiese stabiliteit van die Suid-Afrikaanse ekonomie, 'n ekono-metriese studie*, is die eerste studie van hierdie aard in Suid-Afrika.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Universiteit van Pretoria
NAVORSING

# Totale benadering tot kliëntetevredenheid

Kliëntetevredenheid, -diens en -dienskwaliteit is tans wagwoorde in die meeste Suid-Afrikaanse ondernemings. Ondernemings soek nie net voortdurend na mededingende voordeel nie, maar moet ook funksioneer in 'n klimaat van humanisme en verbruikersoewereiniteit. Ondernemings word dus genoodsaak om aandag te skenk aan kliëntetevredenheid.

Kliëntetevredenheid is 'n aktuele onderwerp en het gelei tot die ontwikkeling van verskillende benaderings. 'n Leemte het ontstaan omdat hierdie benaderings in twee kategorieë verdeel kon word: die populêre kategorie, wat nie genoeg detail bevat om substansie te gee nie en die suiwer akademiese kategorie, wat slegs 'n klein gedeelte van die onderwerp aanspreek.


Nadere ontleding van die toepassing van kliëntetevredenheid dui op drie onderliggende probleme. Die begrip kliëntetevredenheid moet duidelik omskryf word. Dan moet bepaal word hoe dit deel vorm van 'n bestaande ondernemingstrategie, en laastens verg die wyse waarop so 'n strategie geïmplementeer moet word, nadere ondersoek.

In 'n poging om 'n riglyn in dié verband daar te stel, het die Leerstoel in Logistiek van die Departement Bestuurswese 'n benadering ontwikkel wat poog om alle elemente van die strategie te integreer. Die totale benadering tot kliëntetevredenheid is nie 'n logistieke of bemarkingsbenadering nie, maar 'n multidissiplinêre benadering.

Hierdie benadering het twee uitgangspunte, naamlik dat die oorhoofse doelwit van die onderneming is om totale produkwaarde te maksimeer en dat alle deelnemers binne die onderneming betrokke moet wees.

Die benadering bestaan uit drie fases. Fase 1 poog om kliëntetevredenheid te verklaar as 'n totale pakket bestaande uit tasbare en nie-tasbare komponente. Posisionering (Fase 2) is daarop gemik om die plasing van kliëntetevredenheid binne die onderneming aan te spreek. Verwantskappe met ander strategieë kom onder meer hier ter sprake. Fase 3, operasionalisering, verskaf 'n riglyn vir die implementering van die strategie waarby die ontwikkeling van 'n meetinstrument vir kliëntetevredenheid ingesluit is.

Die skrywers van die benadering is prof Pieter Nagel en mnr Willem Cilliers, beide van die Leerstoel in Logistiek. Hul voorgestelde benadering is gedurende November 1991 as 'n monografie in die *International Journal of Physical Distribution and Logistics Management* vervat.




*Dié model, wat die elemente van 'n totale benadering tot kliëntetevredenheid illustreer, is deur die Leerstoel in Logistiek ontwikkel*




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Nuwe model vir die beraming van Vigs

- In 1991 is daar ongeveer 265 nuwe Vigs-gevalle en net oor die 90 000 HIV-besmette gevalle onder die swartmense van die RSA.
- In 1994 sal daar net oor die 2 000 nuwe Vigs-gevalle voorkom en sal daar ongeveer 470 000 HIV-besmette gevalle wees.
- In 1999 sal daar oor die 43 000 nuwe Vigs-gevalle wees en sal daar ongeveer 4 080 767 HIV-besmette gevalle wees.

— Statistieke gebaseer op die mikrosimulasiemodel wat by UP ontwikkel is.



*Prof Hennie Groeneveld van die Departement Statistiek het, sover bekend, die eerste mikrosimulasiemodel vir Vigs ontwikkel*

In die lig van die toenemende verspreiding van die Vigs-virus het betroubare vooruitskattings van die aantal draers van die siekte van kritieke belang geword. Dié vooruitskattings kan die doeltreffende beplanning van gesondheidsdienste, versekering en ander ekonomiese aangeleenthede bewerkstellig.

Verskillende tipes modelle is reeds wêreldwyd vir hierdie vooruitskattings ontwikkel. Prof Hennie Groeneveld van die Departement Statistiek aan die Universiteit van Pretoria het egter, sover bekend, die eerste mikrosimulasiemodel ontwikkel wat die epidemie in die heteroseksuele Swart bevolking op die vlak van individue simuleer. Met akkurate agtergrondinligting sal hierdie model baie betroubare vooruitskattings oplewer.

Die Mediese Beampte van Gesondheid vir Johannesburg, dr Nicky Padayachee, het akkurate agtergrondinligting so volledig as moontlik uit die literatuur versamel en aan prof Groeneveld beskikbaar gestel vir implementering in die model waaruit bestaande gegewens gesimuleer is. Hierdie model moet met behulp van 'n groot hoofraamrekenaar toegepas word, aangesien miljoene besmette gevalle spoedig gesimuleer word.

# Elektrisiteit het verreikende implikasies

'n Navorsingsprojek oor die moontlike impak van elektrisiteitsvoorsiening aan Swart stedelike gebiede op die land se ekonomie oor die volgende 25 jaar, is deur die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise (BEPA) in die Departement Ekonomie voltooi. Hierdie omvangryke projek het bykans die hele Departement onder leiding van proff Geert de Wet, Fritz Steyn, Niek Schoeman en Mike Truu betrek.

Die effek van elektrisiteitsvoorsiening op verbruik, investering, innovasie en op die sosio-ekonomiese omstandighede van diegene wat daardeur geraak sal word, is onder meer ondersoek. Uit die bevindinge het dit geblyk dat elektrisiteitsvoorsiening verreikende gevolge vir die land se ekonomie sal inhou.

Een van die gevolge vir verbruikersgoedere en -dienste is 'n toename in die verbruik van komplementêre produkte en 'n afname in die verbruik van substituutprodukte. Dit impliseer dat die verkope van verbruikersgoedere soos televisiestelle, ketels en strykysters wat van elektrisiteit afhanklik is sal styg, terwyl die verkope van produkte soos paraffien sal daal.

Grootskaalse investering sal so 'n aksie moet vooraf gaan. Dit is 'n duur proses wat op heelwat hulpbronne aanspraak maak, maar dit kan bydra tot werkverskaffing. Boonop kan dit vermenigvuldigerseffekte genereer wat bly voortbestaan lank nadat die aanvanklike investeringsaksie afgehandel is.

Elektrisiteit gee toegang tot nuwe werksgeleenthede, beter gesondheidsdienste, opleidingsgeleenthede, sinvolle ontspanning, inligting deur middel van die media en verskeie ander nuwe omstandighede wat sowel die ekonomiese as sosiale opheffing van so 'n gemeenskap bespoedig.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Senior aanstellings

Prof Sieg Marx, voorheen Hoof van die Departement Bedryfsekonomie, is vanaf 1 Julie vanjaar as Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangestel.




Prof Marx het die grade BCom, BCom(Hons), MBA, MCom(met lof) en DCom aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Prof Marx is reeds 34 jaar as student en dosent aan UP verbonde. As bedryfsekonoom het prof Sieg Marx 'n wesenlike bydrae op die terrein van onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens in sy vakgebied gelewer. In 1970 was hy die eerste Bekleër van 'n Leerstoel in Bemarkingsbestuur aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit. Hy was mederedakteur van die eerste omvattende handboek oor Bemarkingsbestuur in Afrikaans.

Hy het as navorsingsdirekteur vir verskeie navorsingsprojekte opgetree, onder meer vir die Ondersoek na die vestiging van 'n satellietkampus deur die Universiteit van Pretoria in Oos-Transvaal en vir die Ondersoek na die bemarking van varsprodukte in die RSA.

Hy dien as bestuurslid van verskeie vakwetenskaplike verenigings, is reeds sedert 1986 deeltydse voorsitter van die kommissie vir varsproduktemarkte en is mederedakteur van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*.

Prof Dirk van Rooyen is vanaf 1 Oktober 1991 as Hoof van die Departement Bedryfsekonomie aangestel.



Prof van Rooyen het deeltyds aan die Universiteit van Pretoria studeer en het die grade BCom, BCom(Hons), MBA en DBA verwerf.

Hy was gedurende 1969 Voorsitter van die Buitemuurse Studenteraad.

Voor sy aanstelling as Lektor in die Departement Bedryfsekonomie in 1971, was hy as bedryfsekonoom by die Buro vir Ekonomiese Navorsing werksaam. Hy is in Januarie 1984 tot Professor in die Departement bevorder.


Sedert die begin van sy akademiese loopbaan in 1970 het prof van Rooyen aan verskeie kommissies en ondersoeke deelgeneem.

In 1990 tree hy onder meer op as Voorsitter van die werkkomitee vir die navorsing oor die verspreiding van vars groente en vrugte in die RSA.

Hy lewer 'n belangrike bydrae op die terrein van Aankoop- en Materiaalbestuur en was mederedakteur van twee handboeke in dié verband.

Hy dien ook as raadslid, reeds sedert die stigting daarvan, in die Suider-Afrika Instituut vir Bestuurswetenskaplikes.

Prof Nico Crowther is vanaf 1 Januarie 1991 as Hoof van die Departement Statistiek aan die Universiteit van Pretoria aangestel.



Prof Crowther het die grade BSc, BSc(Hons) en DSc aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat verwerf. Hy het sy meestersgraad aan die Universiteit van Port Elizabeth verwerf.

As Dosent in Wiskundige Statistiek was hy onderskeidelik aan die universiteite van Port Elizabeth en Suid-Afrika verbonde. Hy het vir 'n jaar as Besoekende Dosent aan *Stanford University*, Kalifornië opgetree.

Hy was sedert 1982 as Uitvoerende Direkteur van die Instituut vir Statistiese Navorsing aan die RGN verbonde. Prof Crowther is onder meer Genoot van die Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging en lid van die *American Statistical Association*.

Prof Quintus Vorster is vanaf 1 Julie 1991 as Professor in Finansiële Rekeningkunde by die Skool vir Rekenmeestersopleiding aangestel.

Hy het die BCom- en BCom(Hons)-graad aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat behaal. Hy is 'n Geoktrooieerde Rekenmeester (SA) en het die grade MCom en PhD aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.

Prof Vorster was voorheen as Professor in Rekeningkunde aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Hoogleraar kry hoë pos

Prof Bertie Loots, Buitengewone Professor in die Skool vir Rekenmeestersopleiding, is vanaf 1 September 1991 as Adjunk-Ouditeur-generaal aangestel.

Prof Loots het die graad BCom(Rek) in 1971 met lof aan die Universiteit van Pretoria verwerf en slaag die Kwalifiserende Eksamen in 1974. In 1989 verwerf hy sy doktorsgraad met die titel *An evaluation of the applicability of comprehensive auditing in the South African context*.

Hy doen sy klerkskap by die firma Deloitte, Haskins en Sells en werk ook vir twee jaar in die firma se VSA-kantoor in Houston. In 1977 word hy as Bestuurder in die tegniese afdeling van die firma se Johannesburg-kantoor aangestel, en in 1980 as vennoot van dieselfde firma in Pretoria. In 1984 word hy aangestel as Dosent in die Skool vir Rekenmeestersopleiding aan Tukkies en in 1987 word hy tot Professor bevorder.

Die Universiteit van Pretoria het prof Loots sedert 1987 vir 80 persent van sy werkstyd na die Kantoor van die Ouditeur-generaal gesekondeer, waar hy betrokke was by raadgewing oor hoëvlakbeleidsbeslissings. Twee besondere verslae het hieruit voortgespruit, naamlik:


- die verslag oor die onafhanklikheid van die Kantoor van die Ouditeur-generaal wat aanleiding gegee het tot die Wet op die Ouditeur-generaal no 52 van 1989 en
- die verslag oor die rekenpligtigheid van openbare korporasies, ondernemings en ander instellings.

Prof Loots is vanaf 1990 as Buitengewone Professor in die Skool vir Rekenmeestersopleiding aangestel om as aanbieder van die MCom(Owerheidsfinansies en -ouditering)- graad op te tree. Die eerste groep studente wat in 1990 geregistreer het, studeer vanjaar af, en die Skool vir Rekenmeestersopleiding beplan om in 1992 'n tweede groep studente vir hierdie graad in te neem.

# Prof Aad tree af

Prof Arie Zevenbergen, beter bekend as "Prof Aad", tree aan die einde van vanjaar af as Professor in die Departement Bestuurswese en Direkteur van die Buro vir Finansiële Analise (BFA). Hoewel hy vir 'n tydperk van 24 jaar aan die BFA verbonde was, strek sy verbintenis met die Universiteit van Pretoria veel verder.

Prof Zevenbergen het in 1951 die graad BCom(Statistiek) en in 1954 die graad MCom(Rek) aan die Universiteit van Pretoria behaal. In 1955 kwalifiseer hy as 'n geregistreerde rekenmeester. Hy was vir 'n tydperk van vier jaar as Dosent aan Unisa verbonde voordat hy in 1959 by die Departement Rekeningkunde aan UP aansluit. In 1961 verwerf hy ook die MBA-graad aan die Universiteit van Pretoria.



*Prof Aad Zevenbergen tree af na 24 jaar as Direkteur van die Buro vir Finansiële Analise (BFA)*

Met die stigting van die Buro vir Finansiële Analise, die navorsingsarm van die Departement Bestuurswese, word hy in 1967 as Direkteur van die BFA aangestel. Hy beklee die pos tot einde 1991. Onder sy leiding het nagenoeg 200 navorsingsverslae by die BFA die lig gesien. Onder sy voormalige studente tel prof Sieg Marx, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en prof Leon Brümmer, tans Waarnemende Direkteur van die BFA. Prof Brümmer sal vanaf 1 Januarie 1992 amptelik as Direkteur van dié Buro oorneem.

# Ekonoom in aanvraag

Prof Geert de Wet, Hoof van die Departement Ekonomie, het in Maart vanjaar New York besoek. Hy het deelgeneem aan 'n internasionale projek om ekonometriese modelle wêreldwyd aan mekaar te skakel ten einde die internasionale handel vooruit te skat. Dié uitgelese groep vanoor die hele wêreld vergader gedurende September weer in Moskou.

'n Uitnodiging om in die Ekonomiese Adviesraad van die Staatspresident te dien, is ook onlangs aan prof De Wet gerig. Dit is 'n sonderlinge prestasie, maar al amper 'n tradisie in die Departement aangesien proff Mike Truu, Fred du Plessis en Jan Lombard, wat almal aan die Departement verbonde is of was, ook in dié Raad gedien het.

Prof De Wet is onlangs ook in die Produktiwiteitsadviesraad van die Nasionale Produktiwiteitsinstituut aangestel.


Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Produktiwiteit is sy leuse

Prof Paul Botes, Hoof van die Departement Publieke Administrasie, is onlangs verkies tot President van die Suider-Afrikaanse Instituut vir Organisasie en Metode (SAIOM). Hierdie Instituut het ten doel om die beroep en praktyk van organisasie en werkstudie te bevorder.

Werkstudiebeamptes vorm deesdae 'n belangrike komponent van die Staatsdiens, provinsiale administrasie, munisipale owerhede en private ondernemings. Hul taak is ondersoeke na die doeltreffendheid en produktiwiteit van werkers en groepe werkers om te bepaal of mensekrag, materiaal, fondse en hulpmiddels optimaal benut word. Sodoende kan verseker word dat uitsette verhoog sonder 'n verhoging in uitgawes.

Die bestuur van SAIOM word behartig deur 'n Raad, waarvan prof Botes President is, asook 'n Opleidingsraad wat die opleidingstandaarde en kursusse wat deur die Technikons in Suid-Afrika aangebied word, monitor.

SAIOM bestaan uit sowat 1 800 lede. Die Instituut reik slegs lidmaatskapsertifikate uit wat erkenning verleen aan bepaalde soorte opleiding. Talle instellings vereis dan ook hierdie sertifikate as toetreevereistes.

Die Instituut werk veral deur streektakke. Tans bestaan daar sewe takke en afdelings, wat lede van die Instituut op streekgrondslag geleentheid bied om kortkursusse by te woon of om na geleentheidsprekers te luister wat sake rakende die beroep van die werkstudiebeampte toelig. Die nuutste tak - die *Capricon Branch* vir die Republiek van Venda, Lebowa en Gazankulu is gestig tydens 'n weeklange internasionale konferensie vanaf 5 tot 9 Augustus 1991 by die Nwanedi Natuurreservaat in Venda.



*Prof Paul Botes, President van die Suider-Afrikaanse Instituut vir Organisasie en Metode (SAIOM)*

Prof Botes het 'n jarelange verbintenis met SAIOM. Hy dien ook sedert 1984 as Voorsitter van die Eksamenraad van die Instituut. Prof Botes het tydens sy jare in die Staatsdiens self as 'n werkstudiebeampte opgetree en hy het verskeie ondersoeke in die Transvaalse Provinsiale Administrasie uitgevoer. In 1967 is hy oorgeplaas na die destydse Staatsdienskommissie, waar hy vir vier jaar opleidingskursusse in organisasie en werkstudie aangebied het.

SAIOM speel 'n belangrike rol in die bevordering van die doeltreffendheid en produktiwiteit van instellings. Die vraag na groter produktiwiteit in die Nuwe Suid-Afrika gaan egter nog meer uitdagings bied, maar volgens prof Botes is SAIOM gereed om daardie uitdagings te aanvaar.

---

Die *Dosent van die Jaartoekenning* is vanjaar vir die tweede agtereenvolgende jaar aan prof Dieter Gloeck toegeken. Hierdie prys is slegs op die personeel van die Skool vir Rekenmeestersopleiding van toepassing. Die finalejaar BCom(Rek)(Hons)-studente ken die prys toe, wat deur die ouditeursfirma Coopers Theron du Toit geborg word.

# Tuks-ekonoom beïndruk oorsee

Mnr Jan van Heerden, 'n Senior Lektor aan die Departement Ekonomie, is reeds sedert 1989 besig met nagraadse studie in die VSA. In Julie 1990 het hy 'n MA(Ekonomie)-graad met lof aan die *Western Illinois University* behaal.

Volgens terugvoer aan prof Geert de Wet, Hoof van die Departement Ekonomie, word mnr Van Heerden allerweë beskou as een van die beste studente wat dié Universiteit die afgelope twintig jaar gehad het.

Kort nadat mnr Van Heerden sy meestersgraad verwerf het, is hy toegelaat tot *Rice University* in Texas waar hy 'n voltydse PhD-studie aangepak het. *Rice*, wat tans as een van die top tien universiteite in die VSA beskou word, het 'n volle beurs aan hom toegeken vir dié doktorale studie, wat twee jaar gedoseerde werk en 'n tesis behels.

Mnr Van Heerden het reeds een jaar van die gedoseerde komponent as deel van sy beursverpligtinge afgehandel. Hy is van voorneme om, na die verwerwing van sy graad, weer sy plek by die Departement Ekonomie aan die Universiteit van Pretoria in te neem.



*Mnr Jan van Heerden*




Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Uit die Fakulteit se pen

Die personeel van die Fakulteit lewer belangrike insette op die gebied van publikasies. Benewens al die artikels wat in gerefereerde nasionale en internasionale tydskrifte gepubliseer word, is van die personeel ook betrokke by nuwe handboeke wat vir onderskeie studierigtings in die Fakulteit saamgestel word. Hier word gefokus op enkele van die handboeke wat vanjaar uitgegee is:

***Bedryfsekonomie: Riglyne vir Ondernemingsbestuur*** dien as studente se eerste kennismaking met die Bedryfsekonomie as normatiewe en toegepaste wetenskap op tersiêre vlak. Die praktiserende sakeman, bedryfsekonoom en bestuurswetenskaplike behoort ook hierby baat te vind. Die inhoud wentel om die kenmerke, stigting en bestuur van die onderneming en bestaan uit hoofstukke oor onder meer terreinverkenning oor die onderneming; die bedryf en ondernemerskap; die kenmerke van die sakeonderneming met klem op 'n saketerrein; die missie en doelstellings en die ondernemingsvorme; die stigting van die onderneming; en die bestuur van die onderneming met klem op al die ondernemingsfunksies.

Die handboek ***Die Maatskappywet vir Studente*** is enig in sy soort in dié sin dat dit die Maatskappywet uit die toepassings- en ervaringsveld van die rekenmeester en ouditeur benader, eerder as om 'n streng regsingestelde benadering te volg. Ses geoktrooieerde rekenmeesters uit die akademie en praktyk het hierdie gesamentlike projek onder redaksie van prof Dieter Gloeck van die Skool vir Rekenmeestersopleiding voltooi. Die inhoud is so saamgestel dat daar aan die opvoedkundige vereistes met betrekking tot die Maatskappywet, soos deur die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad neergelê, voldoen word. Die jongste ontwikkelinge op die gebied van die beslote korporasie word ook aangespreek. Hierdie handboek is geskryf as 'n hulpmiddel vir 'n studentgesentreerde leerbenadering.




Prof Piet Delport van die Departement Handels- en Arbeidsreg is medeouteur van ***Hahlo's South African Company Law through the cases***. Hierdie is die vyfde uitgawe van die werk en is 'n versameling van die belangrikste maatskappyreg-vonnisse. Die werk is egter meer as net 'n vonnisbundel. Dit bevat inleidende gedeeltes waar die relevante regsbeginsels uiteengesit word, asook verduidelikende aantekeninge wat 'n goeie beginpunt is vir enigeen wat verdere navorsing wil doen.

***Die 1991 KE / The 1991 QE*** is, soos die afgelope vyf jaar, die Skool vir Rekenmeestersopleiding se bydrae tot rekenmeestersopleiding in Suidelike Afrika. Die Universiteit van Pretoria is die enigste universiteit in die land wat só 'n handboek publiseer met die vrae en voorgestelde antwoorde van die jaarlikse Kwalifiserende Eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad. Voornemende kandidate landswyd gebruik die handboek om voor te berei vir die volgende KE-eksamen. Om aan die behoeftes van alle bestaande en voornemende geoktrooieerde rekenmeesters te voldoen, word die boek in beide landstale gepubliseer.

Dr Hennie Klopper van die Departement Handels- en Arbeidsreg is die outeur van ***Derdepartyvergoedingsreg***. Daar bestaan reeds lankal 'n behoefte aan 'n Afrikaanse handboek wat die hele gebied van derdepartyvergoedingsreg dek. 'n Groot aantal derdeparty-eise ontstaan as gevolg van motorongelukke op die Suid-Afrikaanse paaie en hierdie werk sal beslis die taak van die praktisyn in sy hantering daarvan vergemaklik. In die lig daarvan dat die Multilaterale Motorvoertuigongelukkefondswet (Wet 93 van 1989) op 1 Mei 1989 in werking getree het, is die bestaande werke oor derdeparty-eise nie meer bruikbaar nie en is hierdie werk dus noodsaaklik.



Digitised by the University of Pretoria, Department of Library Services, 2010

# Sakesektor beloon topstudente

Die besondere vennootskap wat tussen die Fakulteit en die privaat en openbare sektor bestaan, realiseer onder meer in die jaarlikse prysuitdelingsfunksie van die Fakulteit, wanneer toppresteerders in die Fakulteit vir uitnemende akademiese prestasie beloon word.

Tydens vanjaar se funksie, wat op 29 Mei aangebied is, is 'n totaal van 58 pryse deur verteenwoordigers van die onderskeie instansies en individue wat pryse skenk, aan topstudente oorhandig. Ses nuwe pryse is op nagraadse vlak toegeken, wat groter ondersteuning vir 'n groeiende nagraadse komponent weerspieël.

Die besondere wyse waarop die Fakulteit erkenning gee aan sy toppresteerders dien as belangrike motivering vir uitnemende akademiese prestasies. Die Fakulteit se pryse word dus nie beperk tot finalejaarstudente nie, maar akademiese prestasie word vanaf eerstejaarsvlak tot nagraadse vlak beloon.

Die donateurs se betrokkenheid is nie beperk tot die skenking van 'n prys nie. Dit word onderstreep deur hul persoonlike teenwoordigheid, hul deelname aan die verrigtinge en hul interaksie met personeel en studente van die Fakulteit.



*Mej Jeanne le Grange was die beste presteerder in finalejaar BCom(Ondernemingsbestuur). Mnr Eddie Grobler, Skakeldirekteur van die Rembrandtgroep, oorhandig haar prys met 'n stewige handdruk. Die prys is geskenk deur dr Anton Rupert*

Mnr Henk Deist, 'n student van die Skool vir Rekenmeestersopleiding, is as 1990 se beste voorgraadse Geesteswetenskappestudent aangewys. Hiervoor ontvang hy vanjaar die Sertifikaat van die Visekanselier en Rektor vir uitmuntende voorgraadse prestasie. Mnr Deist het 'n gemiddeld van 86 persent in sy drie voorgraadse studiejare gehandhaaf.

Hy het reeds as skolier uitnemend presteer. In 1987 matrikuleer hy as hoofseun aan die Hoërskool Waterkloof met vyf onderskeidings. Akademiese erekleure is drie keer aan hom toegeken. Vanaf 1986 tot 1987 dien hy ook op die Junior Stadsraad van Pretoria.

Hy het in 1988 vir die graad BCom(Rek) aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf en dit in 1990 met lof verwerf. Gedurende sy studie het hy verskeie pryse vir akademiese prestasie behaal.

Hy is tans besig met sy BCom(Rek)(Hons) en STR-studie in die Fakulteit.

Die volgende instansies en individue was vanjaar betrokke:

Agrihold
Bates Wells Pretoria
Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise, UP
Coopers Theron du Toit
Deloitte Pim Goldby
Drake Personeel (Pretoria)
Dr Louis Luyt
Dr Anton Rupert
Dr Carel van Aswegen
Ernst & Young
Federale Volksbeleggings Beperk
Fisher Hoffman Stride
Instituut vir Interne Ouditeure
Instituut vir Personeelbestuur (Noord-Transvaaltak)
Kessel Feinstein, Pretoria
KPMG Aiken & Peat, Pretoria
Mnr Mof Lemmer, UP
Murray & Robberts Civil (Pty) Ltd
Nasionale Produktiwiteitsinstituut
Nedbank
Nissan SA(Edms) Beperk
Pretoriase Streeksvereniging - Geoktrooieerde Rekenmeesters
Price Waterhouse
Rentmeester Versekeraars Beperk
Saambou Bank Beperk
Saambou Lewensversekeraars Beperk
Safair Freighters
Samcor
Sanlam
SASOL Chem Beperk
Standard Bank van Suid-Afrika Beperk
Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters
Unipret Uitgewers
Vereniging van Staatsamptenare van Suid-Afrika
Volkskas Bank Beperk
Wiehahn Meyernel
Yskor

# His friends call him Joseph

Meet Chuo Hsin-You, better known as Joseph. He is a 27-year-old graduate from the National Taiwan University and is currently doing an MCom(Marketing Management) degree at the University of Pretoria.

Joseph holds a scholarship from the SA Department of National Education. Every year this Department invites a few graduates from other countries to do research in South Africa. Joseph is the first student from Taiwan to receive an invitation of this kind.

Joseph knew about Tukkies long before he received the invitation. "I had read about the University of Pretoria in my University's newspaper. It carried an article about the agreement that was signed between these two sister universities in 1989. Even so, when I was told that I was going to Tukkies - an Afrikaans-medium university - I was speechless. My Taiwanese friends considered it a crazy idea, even though I was given the assurance that everyone at Tukkies can speak English," he says.

Overcoming the language barrier wasn't easy. Even though prof Gustav Puth, his supervisor, agreed to assist Joseph in English, the normal day-to-day activities on campus and in the hostel were still conducted in Afrikaans - and to Joseph that was almost the same as being deaf.

"I am in *Huis Boekenhout*, which I believe is the best hostel on campus. I was made to feel welcome from the start, despite the initial language barrier. Everyone pitched in and helped me to participate in the house activities," he says.

According to dr Johann le Roux, house master of *Huis Boekenhout*, Joseph really managed to adjust well. "He is learning Afrikaans, and he makes a point of it to greet us in our language. He avidly joins in all the activities and has really become a true Boekenhouter," says dr Le Roux. Joseph finds the hostel traditions "interesting" and loves getting involved.

Hsin-You's father, a physician, gave him the Western name "Joseph" just before he came to South Africa. His Tukkie friends know him by that name. They also know how it pleases him when they greet him in his language and ask "Nie-Hau, Joseph?" to which Joseph will gladly reply: "Dit gaan goed met my, dankie."



*"Huis Boekenhout is the best hostel on campus," says Chuo Hsin-You, seen here with the house master, dr Johann le Roux (right) and mr Abraham van Veijeren (left) at the hostel's well-known Eiffel tower*

# Eksklusiewe beurse vir eksklusiewe dames

Die eksklusiewe *Executive Women's Club of Southern Africa* (EWC) het vanjaar vir die eerste keer beurse aan twee MBA-damestudente aan die Nagraadse Bestuurskool toegeken.

Die EWC bestaan uit vroue in professionele en bedryfsleiersposte regoor Suid-Afrika en die lede het 'n beursfonds daargestel om akademiese prestasie onder dames aan te moedig.

Die twee UP-studente wat op hierdie wyse vereer is, is Melanie van der Merwe en Jacqueline Sameuls. Me Van der Merwe is op grond van akademiese prestasie, leierseienskappe en loopbaangerigtheid genomineer en het 'n beurs ontvang wat die koste van die MBA-kursus dek. Me Sameuls het gedeeltelike ondersteuning ontvang.

Die aantal MBA-ingeskrewe damestudente het oor die afgelope twee jaar aanmerklik toegeneem. Tussen 1969 en 1989 kon 28 damestudente met dié kwalifikasie spog. Vanjaar alleen is daar sowat 30 ingeskrewe damestudente.

# A view of Tuks

*- by a postgraduate student from Ghana*

My name is Adu Owusu. I am currently studying parttime for my MBA (second year) at the University of Pretoria. I hold a BCom(Hons)-degree in Economics from the University of Ghana.

The South African economy is a mix of a First World and Third World economy and I decided that if one wanted to study business management principles applicable to a developing country, a South African business school would be the right place.

I chose the University of Pretoria for two reasons. Firstly, I had read that the Graduate School of Management at this University was modelled along the lines of the Harvard Business School, which is reputed to be one of the best business schools in the world.

Knowing that these two Schools were "sister schools" I decided I would be proud to be associated with such a reputable institution. Secondly, I wanted to be at a predominantly Afrikaans university to get closer to the Afrikaners and get to know their way of life better. I knew I was going to face problems like language, but I was not deterred.

Even so, I had begun experiencing the real problem on campus. Lectures were delivered in Afrikaans and I was as yet unable to understand a word. Occasionally the lecturer would address me personally in English, or the student next to me would quickly translate what the lecturer was saying, but that was not sufficient in itself. I realised that the only solution was to learn Afrikaans quickly.

The lecturers of the Graduate School came to my rescue and agreed that I could come to their offices at any time for discussion. Even the director of the School invited me to come to him whenever I had a problem. The help from my bilingual study group also contributed to my success. They would translate reading material and have discussions with me in English.

And so I became fully integrated in the University and the Graduate School of Management in particular, especially after the School's management offered me a job as a research assistant. But as yet, I still had to struggle to become a truly integrated part of the Tukkie campus. I realised, however, that if I wanted to make and have friends, I had to take the initiative.

I had different ways of going about it. With the straightforward approach I would just go up to someone and introduce myself by saying: "Hallo, I am Adu from Ghana. I am studying for an MBA. I would like to know more about you." People responded well to this approach.

Another approach of mine was less straightforward, but it produced much the same results. I would often walk up to any student in the library and ask for a pen or a piece of paper, pretending that I had left mine behind. They would give it to me without hesitation. I would later introduce myself to them, and through such approaches I made a few friends, some of whom invited me to their homes.



*Mr Adu Owusu, MBA student from Ghana. "The language problem didn't deter me from coming here. My success is mainly due to the assistance of my lecturers in the Graduate School of Management and the Economics Department"*

It is not easy for a Black person to study at a predominantly Afrikaans institution. One's attitude and orientations need to undergo a radical transformation. Perhaps with time, when more Blacks and Whites live together and get to know each other's culture, things will change.

*With acknowledgements to Tukkie-Werf*

# Dít is entrepreneurskap

Toe mnr Albertus Booysen ongeveer twee jaar gelede soos 'n student iets by Pa geleen het, het nie een van die twee geweet dat dit tot 'n uiters suksesvolle sakeonderneming sou lei nie.

Mnr Booysen het in daardie stadium bouwerk onderneem en hy het 'n voorafvervaardigde stoor van sy pa gebruik. Na afloop van die projek het hy die stoor aan 'n konstruksiefirma verhuur. Dit was die begin van *Rent-A-Shed BK*, 'n verhuringsonderneming wat reeds so gesneeubal het dat hy vandag oor sowat 120 voorafvervaardigde eenhede beskik. As store en behuisingseenhede word dit aan gereelde en lojale klante in die konstruksiebedryf verhuur.

*Rent-A-Shed* se aktiwiteite het nie by die verhuring van eenhede gebly nie. Mnr Booysen ploeg tans alle wins terug en het 'n huurkontrak met die Stadsraad van Verwoerdburg aangegaan om 'n perseel te bekom waarop hy die vervaardiging van die eenhede self sal kan behartig. Die infrastruktuur op hierdie perseel is deur *Rent-A-Shed* aangelê en drie arbeiders is reeds in diens geneem om die vervaardiging te behartig.

Mnr Booysen is 21 jaar oud en 'n finalejaar BCom(Regte)-student. Hy beplan nagraadse studie in sowel Ekonomie as die Reg, maar stel veral daarin belang om eendag 'n gespesialiseerde regsgeleerde en sakeman te wees.

# Praktiese uitdaging vir eerstejaars

Om die opleiding van eerstejaarstudente in Bemarkingsbestuur aan die Universiteit van Pretoria meer praktykgerig te maak, word 'n besondere uitdaging aan hulle gestel.

Hulle moet 'n fiktiewe reklameagentskap stig en dan 'n naam en handelsmerk vir 'n voorgeskrewe fiktiewe produk ontwikkel. Die dosente, wat as kliënte optree, voorsien 'n reklameopdrag aan die agentskappe, wat dan 'n volledige reklameveldtog moet loods. Daar word veral gekonsentreer op die mediakeuse, -begroting en -plan, asook die skep van reklameboodskappe.


Hierdie idee het verlede jaar beslag gekry in 'n taakopdrag oor Neon denims. Elke groep het 'n voorlegging aan hul "kliënte" gemaak. Vyf finaliste is gekies wat in samewerking met die Afdeling Onderrigmedia hul televisieadvertensies verfilm het. Daarna is die eerste toekenningsaand gehou waartydens dié advertensies vertoon en beoordeel is.

In die gees van die bekende Loerie-toekenningsaand waar professionele reklameagentskappe se wenadvertensies bekroon word, het die studente se gala-aand beslis nie aan swier ontbreek nie. 'n Kaas-en-wynonthaal is afgesluit met die toekenning van pryse aan die beste projekte.

Beoordelaars, wat verskeie vertakkings van die bemarkings- en die reklamebedryf verteenwoordig, het die wenadvertensies aangewys. Die wengroep het elk 'n Ebi-toekenning, wat deur prof Mike Edwards van die Departement Beeldende Kunste ontwerp en gegiet is, ontvang. "Ebi" staan vir "Eerstejaarbemarkingsbestuur-inisiatief".

Hierdie projek het al die studente 'n kans gebied om eerstehands met die praktyk te skakel. Hulle het die SAUK, die pers, tydskrifwese en die reklamebedryf gekontak om inligting in te samel.

Omdat die studente se pogings van so 'n hoogstaande gehalte was, was daar geen huiwering om dit 'n jaarlikse instelling te maak nie. Vanjaar se Ebi-projek word uitgebrei om ook eerstejaar Bemarkingsbestuurstudente van die Randse Afrikaanse Universiteit in te sluit.



*Dié wenspan se advertensie is bekroon met die Ebi-toekenning. Hulle is Natalie Pienaar (links), Egmont Filter en Erica de Wet. Agter staan Peter Oleksak en Sarel Greyling*

Vanjaar se produk is 'n Tukkie-kredietkaart. Daar bestaan werklik sulke affiniteitskaarte in die mark, en studente mag die bestaande konsep raadpleeg.

Die aanvanklike beoordeling sal weer deur die dosente gedoen word. Met die volgende siftingsronde sal professionele persone uit die bemarkings- en reklamebedryf, asook verteenwoordigers van die borge, as finale beoordelaars optree.

# Invoerders van formaat

Mnr Chris Rossouw en mej Nina Venter is twee derdejaar BCom(Ekonomie)-studente wat, in 'n poging om 'n deeltydse inkomste te kry, 'n suksesvolle invoerbedryf tot stand gebring het.


Hoewel spesiale omstandighede aanvanklik reise na die Ooste binne hul bereik geplaas het, het hul eie vindingrykheid daartoe gelei dat hulle nie net moontlikhede vir die invoer van goedere uit die Ooste ondersoek het nie, maar dit ook suksesvol ontgin het.

Hulle was aanvanklik van plan om hoëtegnologie-toerusting in die Ooste te gaan koop en dit hier aan vriende en medestudente te verkoop. Hulle het egter gou besef watter groot mark daar vir Oosterse pêrels bestaan en nadat hulle 'n invoerlisensie daarvoor bekom het, het hulle hul daarop toegespits.

Die risiko om 'n onderneming op die been te bring is vir enige jongmens skrikwekkend. Die aanvanklike kapitaaluitleg vir die eerste besending voorraad het etlike duisende beloop wat hulle deur hul eie vindingrykheid moes bekom. Die sukses van die eerste besending wat hulle self in die Ooste aangekoop het, het hulle egter in staat gestel om 'n tweede te finansier. Binne die bestek van 'n paar maande het hulle twee invoerlisensies bekom, hul eie pêrels begin string en hul mark uitgebrei om ook

sy-nagklere uit die Ooste in te sluit. Verkope geskied nou op bestelling of word deur 'n paar agente landswyd behartig.

Die sukses van dié twee entrepreneurs se sakebedrywighede het egter geen inbreuk op hul studie gemaak nie. Beide van hulle sal hul graadstudie vanjaar voltooi. Mnr Rossouw oorweeg verdere studie in die internasionale handel.



*Dié twee derdejaarstudente wat 'n suksesvolle invoerbedryf tot stand gebring het, is mnr Chris Rossouw en mej Nina Venter*

# Omgewingsbehoeftes ondersoek

Mej Corli Groeneveld, 'n derdejaarstudent van die Departement Statistiek, het 'n ondersoek geloods om vas te stel of die omgewingsbehoeftes van inwoners van Waverley wesenlik van dié van inwoners van Eersterust verskil.

Deur inligting van die verskillende bevolkingsgroepe se persepsies en behoeftes van hul woonomgewing in te samel en te verwerk, kon sy bepaal in watter mate dit verskil en hoe die stedelike struktuur aangepas moet word om in beide bevolkingsgroepe se omgewingsbehoeftes te voorsien.

Sy het onder meer bevind dat die inwoners van Eersterust 'n baie meer beperkte persepsie van hul woonomgewing het, wat toegeskryf kan word aan hul beperkte mobiliteit en leefruimte. Die meeste inwoners van Eersterust ontspan tuis, terwyl ontspanning in Waverley meer op 'n wyer stadsvlak plaasvind.

Die tekort aan plaaslike geriewe het tot gevolg dat inwoners van Eersterust eerder hul inkopies in die middestad doen, terwyl Waverley se inwoners meer van buurtsentrums gebruik maak vir hierdie doel. Basiese inwonerseienskappe van die twee gebiede, soos taal en beroep, is dieselfde.

Mej Groeneveld het met hierdie ondersoek die tweede prys in die landwye projekkompetisie van die Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging verower. Volgens die beoordelaars was die projek van 'n uitstaande gehalte, wat die Departement se vermoë om studente as praktiese statistici op te lei, herbevestig.

## UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
## FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE
## OUDSTUDENTE : REKENAARINLIGTING

Die Fakulteit wil graag kontak met al sy oudstudente maak en behou. Voltooi asseblief hierdie vorm en pos of faks dit aan:

**Die Dekaan, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria, PRETORIA, 0002.**
**Faks: (012) 342-2431**

U is ook welkom om mev Adri van der Merwe, Senior Skakelbeampte by (012) 420-3328 te skakel vir nadere inligting.

Titel: .......................... Voorletters: .......................... Van: ..........................

Noemnaam: .......................... Nooiensvan: ..........................

Posadres: .......................... Tel: (W) Areakode: ..........................

.......................... Nommer: ..........................

.......................... (H) Areakode: ..........................

.......................... Nommer: ..........................

Geboortedatum: .......................... Studentenommer: ..........................

Grade aan Tukkies verwerf: Vermeld jaar:

1. .......................... ..........................
2. .......................... ..........................
3. .......................... ..........................
4. .......................... ..........................

Werkgewer: .......................... Posbenaming: ..........................

Enige kommentaar: ..........................

..........................

# As u op Tukkies was...



# Kry nou u Tukkie-kredietkaart.
# U en u Universiteit baat daarby.




Die Tukkie-kredietkaart bied u al die voordele van 'n gewone kredietkaart, en nog meer; u geniet spesiale aanbiedinge, 1% laer rente op debietsaldo's, en kom in aanmerking vir groot pryse.

Elke keer waneer u u Tukkie-kredietkaart gebruik, baat u Universiteit daarby, want Volkskas Bank betaal 'n gedeelte van die inkomste wat gewoonlik uit die transaksie verkry word aan die Universiteit oor.

Vul vandag nog die koepon in — al het u reeds 'n kredietkaart, of al is u nie 'n Volkskas-kliënt nie — en u kan eersdaags u Tukkie-kredietkaart oral met trots gebruik.

Universiteit van Pretoria

Pos hierdie koepon aan:
Tukkie-kredietkaart
Privaatsak X87219
Houghton
2041.

Naam: ____________________

Adres: ____________________

__________ Poskode: ______

Tel (W) ________ (H) ________

VOLKSKAS BANK

KEYSER VERSFELD 91136 T

# TEN SPYTE VAN DIE EKONOMIESE INSINKING, HET MINSTENS 184 SUID-AFRIKAANSE ONDERNEMINGS HUL PRODUKTIWITEIT EN WINSGEWENDHEID OOR DIE AFGELOPE JAAR DRAMATIES VERHOOG.

(Ons betrokkenheid het die knoop deurgehaak!)




Met ons bystand
kan u eie onderneming
ook buitengewone groei
in produktiwiteit en
winsgewendheid beleef.
Skakel nou die
NASIONALE
PRODUKTIWITEITS-
INSTITUUT
Pretoria – (012) 341-1470 of
tolvry by 080-01-11010
Kaapstad – (021) 946-2267
Durban – (031) 23-2090.

NPI

Reg. No. 75/00044/08



19631A